# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

Nr 7 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 4 MAART 1993







P.3

# Beraad lok vele partye

**Die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring-(SAAK) se Boschberaad wat verlede Donderdag aangebied is, het vir die eerste keer in 'n lang tyd verskeie uiteenlopende politieke jeugpartye bymekaargebring.**

Deur **CARYN VOIGT**

ONDER die deelnemers by die debat was verteenwoordigers van die ANC se jeugliga, die SAKP, die PAC, die NP, die IVP, die Arbeidersparty, die DP en die Afrikaner Vryheidstigting (Avstig). Die AWB en KP het uitnodigings na die beraad van die hand gewys.

Mnr Junior Taliwe van die PAC, het gepraat oor die vorming van 'n alliansie. Volgens mnr Taliwe het die PAC reeds in 1989 besluit dat alle partye saam behoort te werk.

"Selfs die IVP behoort deel te neem aan die stryd om vryheid vir die mense."

Die NP-LP vir Bonteheuwel, mnr Patrick Mckenzie, het gepraat oor geweld tydens die verkiesingstyd. Volgens hom dring die NP daarop aan dat die verkiesing in die teenwoordigheid van 'n internasionale span waarnemers moet plaasvind om intimidasie sover moontlik te voorkom. Die NP sal 'n alliansie oorweeg, maar alleenlik ná die verkiesing.

Mnr Werner Strauss van die IVP het die geweld in Natal aangespreek.

Dat Inkatha daadwerklike pogings aanwend om die vlaag van geweld te stuit, is volgens hom duidelik uit die feit dat hulle gewillig was om 'n platform met die ANC te deel. Daardeur is 'n beroep gedoen op alle betrokkenes om 'n einde te maak aan die sinnelose bloedvergieting.

Mnr Ryan Coetzee van die DP het daarop gewys dat die verkiesingstryd lank reeds begin het aangesien die verskillende partye nóú reeds meeding vir steun. Volgens hom moet nie net die verkiesing "vry en regverdig" wees nie, maar so ook die politieke proses.

Hy voel dat die Vredesverdrag meer gebruik moet word en dat politieke leiers en hulle partye vrede en vryheid moet propageer. Die veiligheidsmagte behoort meer betroubaar gemaak te word.

Avstig beywer hulle vir 'n volkstaat en hulle uiteindelike doelwit is om van die groter RSA te sesseer. Volgens mnr Andries Vorster is Avstig op pad na die onderhandelingstafel en is daar 'n definitiewe noodsaaklikheid vir oorgangsmaatreëls voor die aanvang van 'n nuwe bedeling.

Die ANC voel dat daar 'n veel groter vorm van geweld is as die politieke geweld wat reeds die afgelope drie jaar die rondte doen, naamlik kriminele geweld. Hulle hoop ook dat die ander politieke partye hulle woorde in dade sal gestand doen. Die president van die ANC se Nasionale Jeugliga, mnr Peter Mocaba, het namens dié party gepraat.

Die SAKP het hul eise vir 'n unitêre staat geopper en gesê dat daar nie tyd gemors behoort te word met ydele konsepte nie. Hulle wil ook graag sien dat die ongelykhede van apartheid uitgewis moet word en dat gebalanseerde ontwikkeling in Suid-Afrika moet plaasvind.

Die Arbeidersparty wil elkeen bo agtien by die verkiesing betrek. Regionalisme moet volgens hulle vóór die verkiesing van 'n grondwetgewende vergadering gedefinieer word. Hulle wil ook hê dat plaaslike regeringstrukture ingesluit word wanneer 'n grondwetgewende vergadering gekies word.

# Wag erken verkragting van Matie-student

'N TWINTIGJARIGE Matie-student is Sondagnag by Bertie's Landing in die Waterfront verkrag. 'n Sekuriteitswag, mnr Keith Bird (25), het Dinsdag in die Kaapstadse landdroshof erken dat hy sonder haar toestemming met haar gemeenskap gehad het, en is op borgtog van R300 vrygelaat.

Volgens 'n polisiewoordvoerder het die vrou laat die aand buite die restaurant in 'n motor vir haar vriende gaan wag. Sy het later 'n veiligheidswag van die Victoria en Alfred-maatskappy gevra om haar te help om haar vriende te soek. Die man het haar toe kort daarna in 'n stegie ingelok onder die voorwendsel dat daar 'n telefoon om die hoek was. Sy is toe na bewering verkrag nadat hy aan haar gesê het dat hy gewapen was.

Die wag se superintendent het kort ná die voorval op die toneel opgedaag en die meisie het gevra of sy saam met hom die area kon verlaat. In die motor het sy in trane uitgebars en hom vertel wat gebeur het.

Die voorval het skerp reaksie van die gemeenskap uitgelok vanweë die beweerde verkragter se vertrouensposisie. Talle vrae is gestel oor die aanstelling en kontrolering van sekuriteitsbeamptes. Volgens die eiendomsbestuurder van die Waterfront, mnr Duncan Cloete, sal die gearresteerde wag aan 'n interne dissiplinêre verhoor onderwerp word en staan hy die kans om sy werk te verloor indien hy in die hof skuldig bevind word aan verkragting. Hy het verder gesê dat patrollering by die Waterkant verskerp gaan word en dat sekuriteitsuperintendente hul lukrake besoeke gaan vermeerder.

Daar word beweer dat die betrokke veiligheidswag nog nie deur die Raad vir Veiligheidsbeamptes goedgekeur is nie.




Een van die begeesterde Met-deelnemers op sy "perd". Foto: Helena van Zyl

# Perde pronk by swierige Met

Deur **SYBRANDUS ADEMA**

DIE 32ste Winston Simonsberg Metropolitan is weer eens verlede Vrydag by die Simon Turf-Klub gehou. Dié jaarlikse instelling, wat deur Simonsberg-koshuis aangebied word, het volgens die voorsitter van die Metkomitee, Hein Ten Cate, vanjaar meer as 'n duisend mense gelok.

Ná die verwelkoming van die gaste is die Met-finaliste en die Met-slet voorgestel. Die Metropolitan is toe amptelik geopen met die eerste resies wat as die "Campus invitation handicap" bekend gestaan het. Dronklê, die vul van Yang Tze, Promises, die vul van eSeR, en Andreas, reunperd van Broederbond, was die drie perde waarop die meeste bier verwed is.

Die derde resies het amper in chaos ontaard toe een van die perde op hol geraak het. Gelukkig het beamptes ingetree en die perd is die "genadeskoot" toegedien. Die Met Vet is toe ingeroep en met die "fyn presisie" van 'n kettingsaag is die ongeval weer vinnig perdfris verklaar.

Ná die hoofresies is Chantal Mayne van Nerina as Me Met gekroon. Die eerste prinses was Jeané Brand van Nemesia en die tweede prinses Lynelle Swanepoel van Erica.

Die laaste resies was 'n duikresies waartydens die "nugter" skare die geleentheid gebruik het om die perde waarop hulle nie hul bier verwed het nie, te verhoed om die eindpaal te bereik. Die Met Sekuriteit wat deurentyd 'n stryd moes voer om die baan skoon te hou, het tydens dié resies die stryd gewonne gegee en die Simonsberg Metropolitan het in die tradisionele wanorde geeïndig.

# Dokters vra geld

STUDENTE betaal vanaf 1 Januarie 1993 mediese fonds-tariewe vir die dienste deur die Studentegesondheidsdiens gelewer. Slegs gesondheidsvoorligting, gesinsbeplanning, voorbehoedmiddels en noodhulp by sportbyeenkomste sal steeds gratis beskikbaar wees.

Volgens dr Francois Malan van die Studentegesondheidsdiens is die diens in die verlede gefinansier deur 'n verskuilde bedrag van alle studente se jaargelde af te trek. Dit het geskied ongeag die student van die diens gebruik gemaak het of nie.

"Ons het egter 'n opname gemaak van die gesondheidsinligting wat die studente in hulle eerste jaar invul. Daar is 500 lêers getrek en deur die loop van 'n week is alle studente wat van die diens gebruik gemaak het, uitgevra. Hierdie ondersoek het getoon dat ongeveer 81 persent van die studente wel aan mediese fondse behoort en bereid sou wees om vir die dienste te betaal. Die gelde is ten volle verhaalbaar van die student se mediese fonds."

Dr Malan het gesê die nuwe stelsel hou voordele vir die Universiteit én studente in. Die US ontvang nou 'n inkomste uit die dienste gelewer waar hulle vroeër net uitgawes gehad het. Die studente betaal die verskuldigde bedrag, maar kan dit van die mediese fonds eis. Hulle verloor dus niks.

In die vervolg sal Administrasie 'n rekening aan studente of hul ouers stuur.

# Kultuurraad geskep

Deur **ANNA-RETHA KRIEL**

'N NUWE oorkoepelende kultuurraad, met die SR-lid vir Kultuur as voorsitter, is verlede week tydens 'n kultuurberaad voorgestel.

Dié kultuurberaad, wat deur die SR georganiseer en deur die HK-lede vir kultuur, verenigingsvoorsitters en ander belangstellendes bygewoon is, is verlede Woensdagaand in die Sanlamsaal gehou.

Die SR-lid vir Kultuur, Media en 'n lid van Kers, me Carlé Sharp, is van mening dat die SR se pogings om 'n dinamiese kultuurlewe aan die US te verseker, jaarliks vanweë 'n gebrek aan koördinasie misluk.

"Te veel klein kultuurprojekte word deur die verskillende kutuurorganisasies aangepak en feitlik almal word swak bygewoon," het sy gesê. Verder bestaan daar met die huidige SR-verkiesingstelsel die moontlikheid dat 'n SR-lid wat dalk geen belangstelling in kultuur het nie, in beheer van die kultuurportefeulje mag kom, aldus me Sharp.

Om hierdie probleme uit die weg te ruim is die voorstel gemaak dat die SR-lid vir kultuur nie op dieselfde wyse as die ander SR-lede gekies word nie, maar uit die geledere van die voorgestelde kultuurraad gekies word. Een van die probleme wat tydens 'n bespreking van dié voorstel voorsien is, is die implikasies wat dit vir die demokrasie van die verkiesingstelsel mag inhou.

'n Ander voorstel wat gemaak is, is dat die status quo gehandhaaf word, maar met die nodige aanpassings.

# Ondersoek na doop

DIE Administrasie het 'n beampte aangestel om moontlike oortredings van die amptelike reëls rakende oriëntering te ondersoek.

Die assistent-registrateur (kursusse), mnr Johan Aspeling, is aangewys om inligting oor moontlike oortredings in te samel. Die inligting kan skriftelik, telefonies of persoonlik vóór môremiddag aan hom deurgegee word.

Volgens mnr Aspeling sal die identiteit van persone wat getuienis aflê, beskerm word.

Obie F-stop om die RSA

p i



Wat sê Stellenbosch?

p 4



# Die Matie verbrand

Deur **SYBRANDUS ADEMA**



Foto: PIETER MALAN

ONGEVEER 250 studente het Vrydagmiddag 19 Februarie 'n protesoptog gehou waartydens hulle hul misnoeë met Die Matie te kenne gegee het. Die optog wat op die Rooi Plein begin het, het by Die Matie se kantoor geëindig waar die studente onder luide toejuiging eksemplare van die koerant verbrand het. Redaksielede is ook met eiers bestook.

Die voorsitter van die primkomitee, Louis du Preez, het hierna namens die betogers hul griewe oor Die Matie aan die redakteur, Melissa Fourie, oorgedra.

Mnr Du Preez, wat as spreekbuis van verskeie primarii opgetree het, het ook oor 'n luidspreker die klagtes voorgelees. Dit het ingesluit dat artikels in Die Matie "op leuens gebaseer" sou wees, dat Die Matie "nie meer die mondstuk van Stellenbosse studente is nie" en dat die koerant "eensydig" is en slegs "negatiewe berigte" publiseer. 'n Verdere aanklag was dat sekere van die artikels "godslasterlik" was.

Alhoewel die betoging, volgens die krete van die deelnemers, gedeeltelik gemotiveer was deur die voorbladartikel, "Doop gaan voort", het mnr Du Preez later ontken dat die optog enigiets met die verwelkoming of oriëntering van eerstejaars te doen gehad het.

"Ek distansieer myself ook ten volle van die verbranding van Die Matie," het hy gesê.

Betogers het onder andere "Hou doop" en "Die Matie sucks" geskree.

Intussen het die SR hulle ook van die verbranding van Die Matie gedistansieer. Volgens die voorsitter van die SR, André van der Spuy, steun hulle die optog in die opsig dat dit beswaar aanteken teen die taalgebruik in Die Matie.

Die rektor van die US, prof Mike de Vries, het ook die verbranding van Die Matie gekritiseer. "Ons keur nie die verbranding daarvan goed nie, ongeag die intensiteit van die emosies betrokke," het hy gesê.

# VN-Rus op kampus

Deur **EBBE DOMMISSE**


DIE Verenigde Nasies se rol in Afrika het onlangs tydens 'n Saak-vergadering onder bespreking gekom. 'n VN-afgevaardigde van Bello-Rusland, dr Vladimir Zhagora, was die gasspreker.

Die bespreking het die volgende drie aspekte aangespreek: die morele regverdigbaarheid van derdeparty-inmenging, suksesse en mislukkings in Suider Afrika, en die rol van die VN in die komende verkiesing.

Die VN het in die hoogty van apartheid 'n onafhanklike komitee saamgestel spesifiek met die doel om apartheid te beveg. Dit het gelei tot die instelling van sanksies teen SA en die gevolglike internasionale isolering.

"Die beleid van die VN is om elke land as 'n individuele geval te beskou, elk met sy eie politieke probleme wat spruit uit onder andere etniese verskille. Die rol van die VN as 'n onafhanklike, nie-politiese organisasie, is bloot om as waarnemer van enige politieke verwikkelinge en invloede op te tree."

In Suid Afrika is 'n mandaat aan die komitee verleen om enige relevante inligting te versamel en regstreeks verslag te doen aan die sekretaris-generaal van die VN. 'n Belangrike funksie van dié afgevaardiges is om die politieke strukture, soos deur die Nasionale Vredesverdrag voorgestel, te versterk. Die VN hou op 'n maandelikse basis samesprekings met die vernaamste politieke partye. Voorts werk die VN baie nou saam met ander internasionale afgevaardigdes, van onder meer Europa, die Statebond en Afrika.



Dr Vladimir Zhagora

Tot op hede was die VN se grootste sukses in Suidelike Afrika dié organisasie se betrokkenheid met die oorgang tot 'n onafhanklike Namibië. Ander suksesse sluit in die opening van 'n kantoor om politieke vlugtelinge en uitgewekenes tydelik te huisves met hul terugkeer na Suid Afrika. Ongeveer 25 000 mense is al suksesvol hervestig. In Desember 1992 is alle VN-sanksies opgehef. In die Wes-Kaap het die VN bygedra tot die versoening van die partye betrokke in taxi-oorloë.

Die VN beskou die Bisho-aangeleentheid, sowel as die onlangse verkiesing in Angola as mislukkings. Ook die gebeure rondom die eerste volwaardige demokratiese verkiesing in Suid Afrika sal vir die VN-afgevaardiges 'n uitdagende tydperk wees. Die organisasie beplan om betrokke te raak in die verkiesing self, sowel as om 'n verskerpte teenwoordigheid tydens die post-verkiesingsera en die gepaardgaande politieke veranderinge.

# Mosie van SR tugtig skrywer

DIE SR het verlede Dinsdag 'n mosie aanvaar waardeur daar 'n skriftelike waarskuwing aan die assistent-redakteur van Die Matie, Marius Visser, gestuur sal word. Dié waarskuwing is aan hom gerig aangesien sy rubriek, Perspektiewe en Dinge, "sommige mense aanstoot gegee het en die etiese kode van Die Matie oortree het".

Intussen word daar ook 'n monstervergadering vir die negende Maart beplan, waar studente oor 'n voorgestelde mosie van wantroue in mnr Visser kan stem. Dié monstervergadering is, volgens mnr Van der Spuy, die beste oplossing omdat die meerderheid studente voel dat hul morele waardes aangetas is.

"Die SR, alhoewel verteenwoordigend van Matiestudente, sal eerder wil sien wat die meerderheidsgevoel is oor of die artikel geloofs-onsensitief is, al dan nie," het hy gesê.

Volgens die redakteur van Die Matie, Melissa Fourie, is monstervergaderings juis nie 'n besonder demokratiese instelling nie.

'n Kworum van 750 studente word vereis vir die monstervergadering, wat die eerste een sal wees ná die vergadering in verband met inkomtye verlede jaar.

***Aansoeke vir die volgende poste word ingewag:***

Bestuurshoof: verantwoordelik vir die finansiële bestuur en deurlopende bedryf van die koerant.
Subredakteur: Nuus
Subredakteur: Aktueel
Brandbestrydingsbeampte

Aansoekvorms is beskikbaar by die SR-kantoor. Sluitingsdatum Maandag 8 Maart 16:30.

# Nuusflitse

## DP-LP open Huishoudkunde

DIE departement huishoudkunde se jaarlikse openingsfunksie is onlangs gehou. Tydens die funksie het me Dene Smuts, DP-LP vir Groote-Schuur, as gasspreker opgetree.

Sy is van mening dat die wet op die afskaffing van diskriminasie, die wet op die voorkoming van gesinsgeweld en die wet op die bevordering van gelyke geleenthede beslis ingrypende veranderinge sal meebring.

"Dit sal veral weerklank vind in die doelwitte van die Internasionale Federasie vir Huishoudkunde (IFHE) wat in samewerking met Unesco 1994 uitgeroep het as die internasionale Jaar van die Gesin."

Die tema vir 1994 is:

"Family: resources and responsibilities in a changing World". Me Smuts het verder die belang om plaaslik aan dié aksie deel te neem, beklemtoon, aangesien deelname aandag sal vestig op die betrokke sake.

"Die belangrikheid van gelyke regte vir mans en vroue sowel as respek vir die gesinstruktuur is deurslaggewend om 'n nuwe era van universele stabiliteit in te lui," het sy gesê.-*Piérre Oosthuizen*

## NP-week op kampus

Die Nasionale Party se plaaslike studentetak het verlede week hul NP-week gehou. Dit het onder andere sprekers by koshuise, 'n burgermeestersonthaal, twee kaas-en-wyn-funksies, asook uitstallings in die Loopgang ingesluit.

Die een kaas-en-wynfunksie is verlede Maandagaand in die rektor se Bloukamer gehou en is veral bygewoon deur prims en voorsitters van die verskillende verenigings op kampus. Die minister van Nasionale Opvoeding en onderwyskoördineerder, mnr Piet Marais, was die gasspreker en tydens sy toespraak het hy die belang van politieke bewustheid en deelname sterk beklemtoon.

Volgens die voorsitter van die studentetak, Natie Albertyn, was die doel van dié week om die NP op kampus te bemark, asook om die beeld van die NP uit te dra.

## Eerstejaars as leiers gekweek

DIE SR se portefeulje vir leierskapsontwikkeling gaan op 16 Maart 'n uitgebreide eerstejaarsprojek loods.

Die loodsing sal in die Samlamsaal om 19:00 plaasvind met 'n gasspreker wat die studente sal toespreek oor die verskillende strukture op kampus. Op 19 Maart word 'n uitstappie vir sestig belangstellendes na die parlement aangebied. 'n "Townshiptoer" na Khayelitsha is vir 30 Maart gereël en op 26 Mei word 'n eerstejaarsdebat gehou oor 'n aktuele aangeleentheid soos byvoorbeeld die herverdeling van grond. Later vanjaar word ook 'n afsluitingsfunksie gehou.

Volgens die SR-lid vir leierskapsontwikkeling en LSS, Pierre van der Walt, is die doel van die projek om studente meer blootstelling aan 'n breër perspektief te bied. "So sal hulle die geleentheid kry om ook as mense te ontwikkel."

Belangstellendes kan hulle name indien tydens die loodsingsfunksie, by die SR-kantoor of by HK-lede gemoeid met eerstejaars.-*Marius de Jager*

## Buiteland erken Toastmaties

DIE Maties Toastmasters, wat tans uit 20 lede bestaan, het die afgelope vakansie in die VSA geregistreer om deel te word van dié internasionaal erkende organisasie.

Die organisasie het verlede Maandagaand hulle eerste vergadering in Coachman's Cottage gehou. Die president van die vereniging, mnr Niel Roux, het die vergadering geopen waarna drie toesprake gelewer is. Vir twee van die drie sprekers was dit hul eerste probeerslae.

Elke lid lewer tien toesprake oor 'n tydperk van 18 maande. Die onderwerpe is vasgestel in die Toastmasters handleidings. Na die tien toesprake gelewer is, word die lede as bekwame sprekers beskou. Die Maties Toastmasters vergader tweemaal per maand, met die volgende vergadering wat oor 'n week plaasvind.-*Pieter Bruwer*

## Herwinning kry hupstoot

TWEE vrouekoshuise, Irene en Huis ten Bosch, het verlede week 'n herwinningsprogram geloods wat hoofsaaklik gerig is op die herbenutting van papier.

Hierdie poging, wat onder die beskerming van die SR plaasvind, was só suksesvol dat die hulp van Sappi ingeroep is. Dié organisasie was bereid om spesiale houers vir die herwinning van papier beskikbaar te stel. In oorleg met die primkomitee sal daar besluit word waar die houers geplaas sal word.

Volgens die SR-lid vir Spog en omgewingsake, Rainer Gillich, "moet studente meer omgewingsbewus gemaak word om só die natuur te help bewaar. Studente gebruik en vermors daagliks baie papier, en die herwinning daarvan is dus noodsaaklik. Ons mikpunt vir eers is 800kg papier. Die fondse wat dit sal oplewer, sal weer direk in natuurbewaring teruggeploeg word."

Mnr Gillich het verder gesê verlede jaar se glasherwinningsprojek steeds voortgaan en dat die sukses daarvan weereens van studente afhang.-*Adél de Villiers*


## Inbraak by Plakkies

PLAKKIES is onlangs van sowat R1000 se sigarette, koeldrank en lekkers beroof. Dié kafeteria is in die ingenieursgeboue geleë en word as deel van die LSS bestuur.

Volgens 'n werknemer van Plakkies, me Belinda Samuels, was daar geen teken van die inbraak nie, behalwe vir die vermiste goedere uit die kafeteria. Die bestuurder van die LSS, mnr Jan Treurnicht, het gesê die saak is by die polisie aangegee en word steeds ondersoek. Volgens die sekretaris van die ingenieursfakulteit, mnr Samuel de Beer, bestaan die vermoede dat studente vir die inbraak verantwoordelik was.-*Pieter Bruwer*

# Vise-Rektor oor effektiewe bedryf

Vanaf 1 Julie 1993 neem Prof Christo Viljoen oor as die nuwe Vise-Rektor (Bedryf). Hy was die senaat se keuse vir hierdie pos en is verkies ten gunste van Prof Wynand Dreyer, dekaan van tandheelkunde. **LIZA ALBRECHT** het, om foutiewe aanhalings te voorkom, 'n skriftelike onderhoud met hom gevoer.



**LA: Hoe lank is u al aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde?**

**CV:** Ek is in 1966 op Maties aangestel as Senior Lektor in Elektroniese Ingenieurswese; ek is dus in my 27ste jaar van verbondenheid as dosent aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1970 is ek bevorder tot Professor, en in 1979 aangestel as Dekaan Ingenieurswese.

**LA: Wat sien u as u grootste uitdaging as vise-rektor?**

**CV:** Die Universiteitswese staan voor finansiële druk as gevolg van veral steeds dalende staatsubsidies. Dit sal vernugtige bestuur en strategieë verg om te verseker dat universiteitstudie steeds bekostigbaar bly vir die breë bevolking. Ek verwag dat juis dit groot uitdagings sal stel aan die Viserektor (Bedryf) se afdelings, wat toenemend by die Universiteit se finansiële sake betrokke sal moet raak.

My eie bestuurstyl is een van deelnemende bestuur en delegering van verantwoordelikhede. Ek glo dat daar ruimte hiervoor in die universiteitsopset is, en dat die sentrale bestuur, dekane, en departementshoofde nog meer sal moet saamwerk om van akademiese bestuur 'n sukses te maak. Ek glo baie sterk aan 'n spanbenadering in hierdie verband.

Dit is my oortuiging dat Stellenbosch leierskap voorop moet stel en nastreef. Daarmee word nie eksklusiwiteit om 'n snobistiese verhewenheid bedoel nie, maar leierskap in ons deel van die wêreld op die terreine van navorsing, onderrig en gemeenskapsdiens – vanaf die vlak van fakulteite tot departemente.

Ek sal my veral daarvoor beywer om tot diens te wees vir alle fakulteite en diensafdelings aan ons universiteit, en die studentegemeenskap. 'n Inrigting soos 'n universiteit kan net suksesvol bly wanneer ál die fakulteite en departemente floreer.

**LA: Die land staan op die vooraand van omvangryke veranderinge en 'n regering van nasionale eenheid is om die draai. Hoe gaan die US aanpas en meer toeganklik word vir 'n breër deursnit van die Suid-Afrikaanse samelewing?**

**CV:** Dit is my oortuiging dat die Universiteit van Stellenbosch, terwyl dit ook die tradisionele teikenmark sal bedien, en met behoud van hoë akademiese standaarde, ideale en 'n kenmerkende karakter, die deure wyer sal oopmaak om vir die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap toeganklik en van groter diens te wees.

In hierdie verband het die Fakulteit Ingenieurswese vanjaar begin met 'n eenjarige oorbruggingskursus vir matrikulante wat oor die potensiaal beskik om 'n sukses van Ingenieurstudies te maak, maar wat vanweë strukturele probleme in hul skoolopvoedingstelsel nie toegelaat kan word tot die B Ing-graadkursus nie. 'n Totaal van agtien swart matrikulante volg vanjaar die oorbruggingskursus, wat danksy finansiële ondersteuning uit die nywerheid aangebied kan word.

**LA: Is die US se eksklusiewe Afrikaanse taalbeleid nie 'n stok in die wiel van vooruitgang nie? Sal tweetaligheid, soos die Universiteit van Port Elizabeth, nie beter wees nie?**

**CV:** Die aanduiding van al die groot rolspelers op die politieke terrein in Suid-Afrika is dat ons land se veeltaligheid 'n gegewe is wat erken en behou moet word. (Die ANC het hulle byvoorbeeld uitgespreek ten gunste van die behoud van die SAUK se nege inheemse tale, wat Afrikaans insluit, op die uitsaaidienste). Ek verwag dat daar in die langtermyn ongetwyfeld Afrikaanstalige universiteite in Suid-Afrika sal voortbestaan om op inklusiewe wyse die deel van die bevolking te bedien deur middel van Afrikaans.

Die US was nog altyd buigsaam oor taalhantering. Waar omstandighede dit regverdig (bv in die Fakulteit Bosbou) word voorlesings voorgraads tweetalig aangebied. Op nagraadse vlak kan dit gedoen word met volmag van die betrokke dekaan. In die Fakulteit Ingenieurswese word buitelandse deskundiges gereeld op nagraadse vlak benut om blokkursusse aan te bied. Dit word uiteraard in Engels gedoen.

**LA: Om 'n fakulteit te bedryf is baie duur. Is dit prakties om dieselfde kursusse by die drie Weskaapse universiteite (US, UWK en UK) aan te bied of moet 'n mate van rasionalisering toegepas word?**

**CV:** Rasionalisering van universiteitsdepartemente, en groter samewerking tussen (veral nabygeleë universiteite) om onnodige duplikasie te vermy, geskied reeds. 'n Voorbeeld: vanaf vanjaar is die Departement Publieke Administrasie en die Departement Ontwikkelingsbestuur saamgevoeg in 'n nuwe Departement Openbare en Ontwikkelingsbestuur.

**LA: Is daar praktiese samewerking tussen die drie Weskaapse universiteite?**

**CV:** Daar bestaan reeds samewerking tussen die drie Wes-Kaapse universiteite ten einde onnodige duplikasie te vermy. So byvoorbeeld maak die Departement Elektriese Ingenieurswese aan die Universiteit van Kaapstad gebruik van die Hoogspanningslaboratorium aan die Universiteit van Stellenbosch vir praktika vir hul studente op dié terrein.

**LA: Wat het u termyn as voorsitter van die SAUK Raad vir u persoonlik beteken?**

**CV:** Ek was vir byna vier jaar lank voorsitter van die SAUK Raad. Dit het vir my oneindig baie geleer ten opsigte van strategiese bestuur en langtermynbeplanning. (Aspekte hiervan het ek ook ervaar in my verbintenis as Raadslid van sowel Eskom as die SABS).

Strategiese beplanning is 'n aspek van moderne bestuur waarop ek 'n hoë premie plaas: ons moet bepland wéét waarheen ons wil gaan en wanneer ons daar wil aankom. Ek sou graag my ervarings in hierdie verband by Eskom, die SAUK en die SABS, wou toepas tot voordeel van die Universiteit van Stellenbosch.

**LA: Een van die voorvereistes vir die demokratiese verkiesing is 'n onafhanklike en onpartydige SAUK. Dink u die politieke speelveld sal in hierdie opsig betyds gelyk gemaak kan word voor die verkiesing? Wat dink u van die moontlikheid dat die nuwe voorsitter van die SAUK Raad swart kan wees?**

**CV:** Die SAUK moet as onpartydige kommunikasiemedium outonomie en onafhanklikheid van politieke beïnvloeding en beheer behou om die nuus van die dag op 'n billike, betroubare en verantwoordelike wyse weer te gee. Elke relevante rolspeler en politieke party in die land sal die geleentheid gebied moet word om hulle beleid oor te dra, sonder om die SAUK vir partypolitieke, of eensydige propaganda te misbruik.

Ten opsigte van die bewusmaking van ons breë bevolking van aspekte soos demokrasie, die verantwoordelikhede daaraan verbonde, vryheid van spraak, en op die praktiese vlak stemprosedures, is deel van die uitdaging wat aan die SAUK gestel word. Die SAUK kan 'n belangrike bydrae lewer tot vreedsame verandering na 'n demokratiese bedeling.

Daar is bepaalde kundighede wat op 'n nuwe SAUK Raad teenwoordig moet wees, byvoorbeeld ten opsigte van die uitsaaiwese, tegnologie, uitvoerende kunste, sport, opvoeding, godsdiens, arbeidsake ensovoorts.

Die kleur van die volgende SAUK Voorsitter is irrelevant; bekwaamheid is belangrik.

**LA: Dit is algemeen bekend dat die SAUK in die verlede na willekeur deur die NP regering gemanipuleer is. Kan ons werklik 'n nuwe Suid-Afrika ingaan met die huidige SAUK bestel aan die stuur van sake? Voorsien U dat ons binnekort nuwe gesigte op TV gaan sien in die plek van die huidige oorblyfsels uit die ou bestel?**

**CV:** Ek is onbewus van enige politieke beïnvloeding van die SAUK van buite tydens my termyn as Voorsitter van die Raad. Ekself het nooit enige opdragte ten opsigte van programinhoud van òf die Staatspresident òf enige ministers verantwoordelik vir uitsaaiwese ontvang nie. Die uittredende SAUK Raad is inderdaad outonoom en onafhanklik, en is dikwels net so veel deur die regering gekritiseer deur hulle hantering van veral nuus, as deur enige van die opposisiepartye of ander politieke organisasies.

**LA: Volgens die Vrye Weekblad was u nie die sg Stellenbosch Mafia se keuse as nuwe vise rektor nie. Dié blad voer aan dat u aanstelling in plaas van die Broeders se keuse hierdie sg mafia geknak het. Sal u asseblief hierop kommentaar lewer.**

**CV:** Ek lewer uiteraard nie kommentaar op die vertroulike verrigtinge van die US Raad of die Senaat nie. Ek sien uit daarna om my nuwe pos te beklee en sal die aangewese rektor my ongekwalifiseerde ondersteuning gee om in belang van die Universiteit van Stellenbosch steeds Matieland uit te bou.

# Initiation tradition a burning issue

Allegations about initiation sent ripples through the student community. Everybody is talking about the pros and cons of welcoming first years in traditional style. **JULIA STREUBER** investigated.

ONCE again a scandal has spread through Stellenbosch. Everyone is once again wondering what really happens in initiation. Even The Argus was hot on the trail of "the truth". Anti-initiation protestors are once again motivated to "do something" and many first years together with the prims and house committees are shifting in their seats and waiting for what they hope will be another ineffective warning so that they may continue initiation rites in the following year.

On asking a first year from Dagbreek, he said that he definitely is for initiation, as it builds team spirit and keeps the guys together. A third year student from Wilgenhof referred to initiation practices as "good, clean fun" and backed up his statement by saying that he does after all consider himself to be a modern-day "liberal Englishman".

Even though fairly notorious rituals such as "nagligte" and "ontgroening" are said to still take place within Wilgenhof, and similar rituals in other hostels, something seems to keep these guys going. As fanatical as this word may have begun to sound in and around Stellenbosch campus, "tradition" -is the keyword and will inevitably still be for a long time.

The fact that there has been a constant struggle against initiation since 1921, with no effective results, proves to us that tradition is all-important. A firm set of rules were established in 1991, but seemingly they did little to dim the enthusiasm. When it comes to choosing between a bureaucratic set of rules and tradition, the latter always comes out on top.

André van der Spuy, chairperson of the SRC and ex-Prim of Eendrag, believes that if hostel students had to vote on whether they want an active continuation of initiation practices or not, most of them would vote in favour of the former. He believes that putting a stop to initiation practices would be "like chopping down a tree that most importantly gives fruit and shade". He argues that every active member of a hostel has a definite responsibility towards tradition.

"The question is: can the primarius of a hostel see the difference between tradition and unacceptable initiation practices?" says dr Willie van der Merwe of the philosophy department. He believes that initiation is a "remnant from medieval times" and should be prevented at all costs.

One can find fault with both of these arguments. Mr van der Spuy says that every *active* member of a hostel has a definite responsibility towards tradition. What about the people who prefer being *passive* members of a student residence? People against initiation argue that they are denied freedom of choice in being forced to take part in initiation practices.

On the other hand it is clear that a lot of students enjoy being 'welcomed' in traditional style. At the protest march against The Matie and the subsequent debate, it was made clear that many students were unhappy with the negative reports surrounding initiation. They argue that they have a right to 'doop' and to be 'dooped'.

However, Stellenbosch University is part of a larger community with firm democratic ideals. Within this framework traditional initiation practices are rendered as unacceptable by many people. This was shown in reports appearing in The Argus, Cape Times and Eastern Cape Herald. These newspapers condemned initiation practices in no uncertain terms. They labelled the initiation as cruel, and part of a culture of violence in South Africa.

The whole issue of initiation is made more complicated if taken into terms that the issue is not dealing with an unwanted perpetrator. It concerns a culture in which students take pride in their traditions. These rituals are often unacceptable to 'outsiders' – be they unwilling first years or 'hostile' reporters.

There has been a long history of anti-doop protesting. This has not yet succeeded in putting a stop to the alleged cruelties, or the much enthused-about fun. It seems as if many students are determined to continue this tradition.

If doop is here to stay, so is its criticism. As in the past years, the most important question will be the conflicting interests of the pro- and anti-doop factions. The people who enjoy doop, have a right to take part in it. However, in a practice that is so widely condemned, people who do not want to join in, must have the choice not participate.

## so by the way...

Na aanleiding van die opvliende humeure op kampus het Die Matie het in dié uitgawe 'n berig oor studente en ander belanghebbendes se menings rakende persvryheid en godslastering geplaas (sien p4). Dit was ons bedoeling om die wydste moontlike spektrum van menings te dek en (hopelik) die hele aangeleentheid in perspektief te plaas. Lees dan ook Marius Visser se eie interpretasie van sy teen-die-tyd-al berugte artikel op p6.

■Daar is soos beloof, 'n onderhoud met prof Christo Viljoen bo-aan dié bladsy. Hy is nou as vise-rektor (bedryf) aangewys ten koste van die AB se kandidaat. Dit wil egter voorkom asof nog 'n groot stryd voorlê wanneer oor die kandidaat vir vise-rektor (akademies) besluit word. Hou die volgende paar uitgawes dop vir meer inligting.

**Die Matie**
Redaksionele Kommentaar
Donderdag 4 Maart 1993

# Kom ons kyk vooruit

MET die verskyning van die vorige Matie het 'n storm losgebars wat nog lank nie sal gaan lê nie.

In een uitgawe het Die Matie skynbaar twee van die sake wat die naaste aan die harte van Stellenbosse studente lê, aangeraak, en tot só 'n mate dat ongeveer 250 studente hul etes en die krieket opgeoffer het om hul misnoë te kom uitdruk.

Een ding wil ons duidelik stel: die redaksie verwelkom die reaksie en Die Matie was nog nooit verhewe bo kritiek nie.

Daarom het ons nie besware teen die idee agter die protesoptog nie. Ons maak egter ten sterkste beswaar teen die feit dat die algemeen-beskaafde kanale nie eers gebruik is om klagtes oor Die Matie oor te dra nie.

Die protesteerders het waarskynlik ook nie besef wat die implikasies van die verbranding van Maties sou wees nie. Wanneer boeke en ander geskrifte verbrand begin word, word 'n terrein betree wat veel gewigtiger en groter is as 'n artikel oor doop of 'n rubriek wat as godslasterlik geïnterpreteer kan word.

In die proses het die "heilige" beeld van die Universiteit ernstig skade gely. Beelde van studente wat op 'n fascistiese wyse koerante verbrand, toevallig met 'n doop-exposé op die voorblad, sal die buitewêreld nog lank bybly.

Te midde van die hewige debat oor Die Matie het oud-SR-lid Gregory Botha moontlik die belangrikste punt moontlik geopper. Suid-Afrika staan op die punt om uiteindelik 'n demokratiese verkiesing te hê en op Stellenbosch stry ons nog steeds oor argaïese rituele en iets so ondebatteerbaar soos persvryheid.

In hierdie tye behoort ons te praat oor die feit dat ons universiteit byna totaal wit is in 'n land wat meer as tagtig persent swart is. Ons behoort te praat oor oorbruggingsprogramme en om die universiteit meer toeganklik vir ander mense as wit middelklas-Afrikaners te maak.

Dit het tyd geword dat Stellenbosch uit die 1960's ontwaak en ten minste probeer om die res van die wêreld se ideologiese vooruitgang te volg.

# Onthullings ontstel

DIE berig "Doop gaan voort" het baie mense in opstand laat kom. Sommige was uiters ontsteld oor die praktyke wat skynbaar steeds in koshuise voortgaan, terwyl andere bereid was om onder eed te sweer dat hierdie dinge werklik nie vanjaar gebeur het nie.

Eerstens wil ons enkele regstellings maak. Uit 'n verklaring van 'n Majuba-eerstejaar is dit vir ons duidelik dat die implikasies van ons aantygings oor oriëntering in Majuba grotendeels ongeregverdig was. Dit lyk wél asof die HK van Majuba ten minste probeer het om hul by die reëls vir oriëntering te hou.

Terselfdertyd het Die Matie ná die verskyning van die berig nog talle verklarings van eerstejaars gekry wat ons bewerings ondersteun het, en die oriëntering by sommige vrouekoshuise sou party van die manskoshuise na 'n kinderpartytjie laat klink het.

Dit lyk egter of die Administrasie nou moontlik wél iets aan die saak probeer doen. Die assistent-registrateur, mnr Johan Aspeling, is aangestel as ondersoek-beampte en enigiemand kan tot môre-middag inligting aan hom gaan gee. Hy sal selfs anonieme getuienisse aanhoor in sy kantoor in die A-blok van Administrasie.

Ons wag om te sien of dié verslag 'n werklike verandering aan die doop-situasie gaan maak.

# 'n Bynes raakgeskop

EN vir dié wat nie reeds kwaad was oor die doop-berig nie, was daar Perspektiewe en Dinge wat werklik ons koppe in 'n bynes laat beland het.

Die belangrikste boodskap wat ons wil oordra is dat daar geen bedoeling by enigeen was om godslasterlik te wees of om enigiemand aanstoot te gee nie. Na alles wat die laaste twee weke gesê is moet ons net herhaal dat Die Matie, soos in die SR-reglemente voorgeskryf, altyd poog om die debat oor kontroversiële sake op kampus aan te moedig en voldoende spasie aan uiterste opinies aan beide kante af te staan.

In hierdie week se Perspektiewe en Dinge publiseer ons, na verskeie versoeke, die verklaring wat Marius Visser aan die Studenteraad voorgelees het.

# Kampusquotes


**"Ek ondersteun streng tugstappe teen doopoortreders; ek is net bang dat dit in 'n polisiestaat gaan ontaard."**
SR-lid James Liebenberg by die laaste SR-vergadering.

**"The SR are actually biological miracles - they can sit upright without having spines!"**
Overheard at The Terrace.

**"My oë is geneig om regs te kyk."**
Prof Willie Esterhuyse, in reaksie op 'n stortvloed mense uit die gehoor wat vrae wil vra op laasweek se Saak-vergadering.

**Well, I haven't actually made it to a class yet..."**
Psychology honours student to a friend in the Loopgang.

**"Ek weet nie hoe vinnig om te gaan nie; dis my eerste keer."**
Junior regsdosent tydens 'n lesing.




"We must really tell the kêrels to make less noise when they're studying."

Uit: The Cape Times

# En ek is nog hier onder

PERSPEKTIEWE & DINGE



Marius Visser

ALLES wat in die afgelope twee weke op kampus gebeur het weerspieël op 'n baie grafiese wyse die kleinlikheid en intolerante disposisie van die eng samelewing waarin ons lewe.

Die kleinlikheid het uiting gevind in die belaglike manier waarop onverdedigbare standpunte, gegewe almal se geloof in demokrasie, vryheid van spraak en gelyke regte, probeer verdedig word. As hierdie hele koerant-brand voorval op 'n verhoog plaasgevind het sou mens dit satire noem.

Die engheid van ons samelewing is benadruk deur die ongewilligheid van die ongelukkiges om op 'n beskaafde en rasionele wyse hul griewe te lug. Die ideaal sou wees dat daar in volwasse gesprek getree word oor die werklike meningsverskille, om sodoende te groei tot beter wedersydse begrip.

In plaas hiervan word die verskille in perspekief, wat hier op die spel is, verhef tot 'n onaantasbare heilige koei.

Glo julle regtig dat die konsep van God, soos julle dit verstaan, vir alle mense 'n uiteindelik onwrikbare gegewe is?

God is God.

Wie is enigiemand om te sê wat God wil hê?

Wie is die kerk om namens God te praat?

Hierin lê die perspektief van Perspektiewe en Dinge opgesluit.

Die stuk wat julle gelees het, in die laaste uitgawe, is 'n uitbeelding van 'n fiktiewe wêreld waar God die naam is van 'n karakter wat alomteenwoordig is en hy het 'n seun genaamd Jesus wat antwoord as hy geroep word.

Hierdie wêreld word 'n lens waardeur daar gepoog word om uit 'n nuwe hoek na ons eie wêreld te kyk.

Verder kan ek nie uitbrei nie, want wat jy self sien is jou eie saak. As jy niks sien nie is jy waarskynlik ook reg.

Perspektiewe en Dinge is 'n persoonlike rubriek. Noodwendig word een mens se opinie daarin uitgebeeld. Ongelukkig is ek die een wat my persoonlike opinie aan julle moet blootstel.

Ek kan nie anders as om my ware oortuigings daarin te verwoord nie. Om enigiets minder te sê as wat ek glo sal vir my selfverraad beteken. Die olie op die wiel van kampuspolitiek is nie vir my belangriker as my integriteit nie.

En, dink ek, God se intensies is sy eie.

'n Algemene definisie van God lui as volg: Dat hy 'n wese is waarvan daar niks groter gedink kan word nie.

Nothing greater than God can be conceptualised. That's rather sketchy, but for me that means that if I can envisage such an intelligent God that he can't possibly hold people's actions against them, then the real God is greater than that. To expect of God, as most Christians seem to, that he must hold Muslim's and Hindu's and Jews and every other race, colour, creed, tint or hue's heritage against them, is arrogant and positively un-Christian.

We were born into different cultures and were brought up under different beliefs. The God I believe in has to understand that, if he expects me to have any respect for him. Otherwise life wouldn't be much different than it must've been for the Ancient Greeks with all their myths and legends.

God can't be exclusively Christian.

Jesus Christ certainly has a constructive meaning for Christians, but for Hindu's he is nothing. But I am prepared to argue the point over a cup of coffee. Certainly not at the sharp end of a sambok.

Which brings me to a point about hypocrisy: Wat gaan deur mense se gedagtes as hulle openlik ander mense met geweld dreig, soos die ou by die march wat kamstig 'n sambok saamgebring het met my naam daarop? As enige iemand sê *Die Matie* is nie verteenwoordigend van die algemene student nie sou ek sê Thank God! By die optog het ek twee posters met vloekwoorde gesien en minstens een opgeblaasde kondoom. Volgens wat mense blykbaar van my dink, moes daardie mense dan juis aan my kant gewees het.

Vir mense soos hierdie is hul godsdiens slegs 'n blinde bygeloof. Hulle verstaan nie hoekom hulle glo, of hoe hulle glo nie. Hulle kan nie volwasse word in hulle geloof nie, omdat hulle die grondbeginsels daarvan nie bevraagteken nie.

Ek het baie respek vir die werklik toegewyde Christene wat eerder geprikkel word deur ander standpunte en dan meer daaroor wil uitvind om hul eie konsep van God aan te vul, te verbreed of te versterk. Vir hulle IS God liefde, IS Hy verdraagsaamheid, IS Hy begrip. Hy is nie 'n ou man met 'n slegte humeur en 'n beheptheid met straf en vergelding nie. Jesus is ook nie 'n telefoondraad wat net aangeskakel kan word wanneer dit gerieflik is nie.

Laastens: mense wat dink ek sien God en Jesus en Moses soos wat ek daardie karakters laaskeer uitgebeeld het is bloot onkundig en swaksinnig. Mag julle almal ware vervulling kry uit jul geloof, of julle nou Christen, Zen, Buddisties of Rugbyspelend is.

PS: Vir dié wat nog steeds Die Tampon-Grap teen my hou: Ek Dink Ook Dis 'n Uiters ...uhm... Onsmaaklike Grap.

Bugs that bug on the Bosch
pg III



# DAG en NAG

Voëlvry op jou motorfiets
p II



# Master of life's illusions

MASTER of manipulation and wizard with illusion. Obie Oberholzer is a solidly South African, internationally worshipped photographer who can write his name behind no less than 20 one-man photography exhibitions and three pictorial journeys of Southern Africa: *Van Ar-riesfontein tot Zuurfontein; Southern Circle* and *To Hell 'n Gone.* He is also one of the better products of Matie-mass-production (an ex-Wilgenhoffer, no less). At present he is sauntering around Stellenbosch, judging the "Dag in die lewe" photograph competition. LIZA STEWART had a rollicking conversation with him after his most entertaining slide show in the City Hall.

PRETORIA-born, Obie Oberholzer studied graphic design at Stellenbosch University in the late hippie sixties. In the Kitsch decade he furthered his degree at the Bavarian Insitute of Photography. He returned to Germany in 1979 to complete his masters diploma in photography.

His face is a mix between Charles Bronson and Burt Reynolds - less rhinestone-flashy, more travelled - with a pair of roving eyes that pan everthing and focus on meisies. He has a Namib-dry sense of humour, a lazy grin, a scratchy, sand-blasted chuckle. And that weather-beaten face has many tales to tell.

What distinguishes Obie Oberholzer's photographs from snapshots or postcards, is not merely his technical mastery, neither is it the splendour of his subject matter. It's his attitude – that intuitive sense which knows what will look good within the confines of a photoframe and what will fail dismally in nondescript 2-D flatness.

"Nah, vergeet die pieke, mense," he says, motioning to the mountains and shaking his head. "Sit eerder 'n kaal meisie oppie rotse of iets. Something that will capture the moment." Eyes flash. Chuckle. "If you want to retain their impressiveness, somehow, you have cheat a bit. You have to do something to transmit the mood from the real thing to the photo," he admits. Adding colour filters or using a longer lense is hardly cheating though some do scoff at his creations, calling them "surreal, super-colourful landscapes".

But to Obie, the emphasis lies, not in a mere visual, postcard-like reproduction of the scene, but rather an attempt at fixing or distilling the mood which it inspires. Emotions are muddled, undefined and difficult to recreate - and this is the true genius of the man.

This is why the blurry photo of the jazz-club radiates those hazy, warm, mellow vibes; the karoo landscape expands before your eyes, dark and pensive and the rock structures at the Matopos (in Zimbabwe) are brimming with sexual metaphors.

It's his profound respect for the ordinary; his reverence for the magnificent; his needling sense of irony



and his incorrigible sense of the ridiculous which enable him to freeze moods, "the sadness-gladness of life", so wordlessly and so eloquently.

His perspective is so down-to-earth it's obtuse. Who would photograph "The lonliest kakhuis in Africa" with such remarkable wit and earnesty? "And it's one thing thinking about it," he adds, "but to take a proper picture of it, you have to take a shit there too. It's a longdrop, you know. Just imagine, in all that silence..."

And it takes a really pickled sense of humour to photograph the "biggest AWB in the Northern Transvaal", Oom Wynand Wolvaart, heaving a mammoth pig onto the back of his bakkie while "v*k jou-ing" breathlessly, so well that it conveys the sheer bizarre idiocy of the situation.

A whorehouse called "the Love Station" near the Caprivi ("even bad love is better than no love at all"); a pockmarked dart-thrower-cum-railway tapper called George (ranked number seven in Wolwefonteing) who lives with his mother in the fifth house next to the railway; Vet Fanie Truter "Eks die beste barman langs die hele Weskus" and his two "gooi vir jou 'n dop en vat 'n chop" side-kicks braaing sheep; and the lost Hippie of Port St Johns, complete with his pet pythons – all show facets of life in its unending variety, bitter-sweet chaos and beautiful simplicity.

Obie recognises its pondersome downside too: the solitude of a forgotten, dilapidated house near Grootvlei; the desolation of a burnt-down church for the workers; a boy called Usefull in crutches; the body of a seventeen year old girl, ravaged by the labours of childbirth; the gravestone of Ina van Rensburg who died at 26 ("I always wonder why she died young," he muses) and a bullet punctured roadsign with an arrow pointing upwards blocking out the sun ("The New South Africa, I suppose," he says with a hint of brooding).

Then there is the magnificence: "to look so far that it hurts" – multitudes of sprawling landscapes, soaring skies, shifting deserts and angry seas - immense and intimidating in their vast timelessness.

But how is it possible to take photos like these, you implore. "Experience," he insists. "If you want to take decent pictures you have to practice all the time. And you also need a bit of aging. I wouldn't be fair if you could take pictures the way I do. You can't fly before you crawl, but hey, if your sails aren't filled with passion, your ship will never leave port".

But he'll be the first to tell you that he's "just an ordinary oke": the father that brings home an enormous elephant thighbone from Damaraland because his son collects bones or the lecturer who cares enough to take his students on a photography tour or the big kid showing off his gaudy socks which "come all the way from Florence, hey".

He's a loner, a philanthropist, a family man with his wife Lynn, his two sons Nikki and Jesse and , of couse, the two dogs. There is little time for the heat and glare of the celebrity spotlight.

"Freedom is not quite knowing where you are going - I mean, what's another 100kms if you're making your way to Swartwitpensbokfontein?"

# Oud-Maties skep self werk

By TANIA BOTHA

TWEE drama graduandi van die Universiteit van Stellenbosch, Margit Rödenbeck en Eugenie Grobler, het onlangs besluit om self werk en fondse te genereer waar geen werk en fondse bestaan nie. Hulle stig toe SCENARIO, 'n teatermaatskappy wat die bevordering van kuns, kultuur en vermaak onder alle gemeenskappe in die Wes- Kaap as oogmerk het.

Volgens Margit, wat haar B. Dram. Hons. in 1991 verwerf het, het die tyd aangebreek dat "die kunste tot sy volle potensiaal ingespan moet word, en in plaas daarvan om gedurig fondse te vra vir kultuur, beoog SCENARIO om befondsing te verskaf waar Suid-Afrika dit die nodigste het." Om hierdie doelwit te bereik, het hulle 'Children for Children/Kinders help mekaar', 'n opvoedkundige, kulturele liefdadigheidsprojek vir 1993/'94, van stapel gestuur.


Die projek bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n professionele kabaret, *Wonder: What a wonderful world* - "'n nie-politiese, omgewingsvriendelike, gemeenskapsliefdadigheidskabaret", en 'n werkswinkelprojek. *Wonder* sal by belangstellende skole - die mikpunt is 150 - aangebied word en die fondse wat daardeur gegenereer word sal teruggeploeg word in die gasheerskool en SOS Kinderdorpe, 'n internasionale welsynsorganisasie, wat tans besig is met die oprigting van 'n kinderdorp in Thornton vir wees- en hawelose kinders.

Die tweede been van die projek behels die aanbieding van kabaretwerks-winkels om kulturele kruisbestuiwing te bewerkstellig. Deelnemende skole sal onder leiding van deskundiges op die gebied gemeenskapseie tekste skep en uitbou tot volledige produksies. Opvoedkundiges is dit eens dat die uitvoerende kunste 'n baie effektiewe hulpmiddel in die opvoedingsproses is, en Eugenie voeg by dat "dit toeganklik is vir alle mense om hulle bymekaar te bring en wedersydse begrip aan te moedig".



Margitmeyer Rödenbeck en Eugenie Grobler.

SCENARIO hoop dat meer welvarende sektore van die gemeenskap deur middel van borgskappe hierby betrokke sal raak en op dié manier sal bydra tot die opheffing van agtergeblewe gemeenskappe. Belangstellendes kan Margit en Eugenie kontak by (02231)72544 vir meer inligting oor hierdie interessante en positiewe projek.



# Wilde, sexy, Mal Blou Vrou

Deur JOHAN VAN ZYL

**FILM Betty Blue**

**ROLVERDELING Beatrice Dalle en Jean-Jacques Anglade**
**REGIE Jean-Jacques Beineix**

'n VROU begin allerlei gruweldade met 'n kam en vurk voltrek. Dan besef jy "moerig" en "onbesonne" is baie raak beskrywings van haar.

Haar naam is Betty (gespeel deur Beatrice Dalle), 'n vrye gees wat verlief is op 'n bungalow-oppasser, Zorg (Jean-Jacques Anglade). Sy ontdek vroeë skryfsels van hom en glo onwrikbaar in sy talent. Op haar aandrang gaan hulle na Parys, maar kry net negatiewe terugvoering van die uitgewers. Dan besef hy die implikasie van haar woorde aan hom: "How can I love you when I can't admire you?" Betty raak progressief onstabiel en verval, na 'n vals swangerskap, in totale kranksinnigheid.

Beineix se wonderlike Franse humorsin doen nooit afbreuk aan die onderliggende gevoel van wanhoop nie. Trouens, dit dra in 'n groot mate by tot die sukses van die rolprent. Veral 'n papdronk Zorg by die lyk van sy vriend Eddy se ma was skreeusnaaks.

Daar is volop naaktheid in die prent, maar dit is smaakvol hanteer en sal geen sweempie van ongemak agterlaat nie.

*Betty Blue* is een van die beste films wat Stellenbosch nog getref het (weliswaar ses jaar na die res van die wêreld) - 'n ware tragiese liefdesverhaal in die Franse tradisie.

# Eendrag Maak Bach

Deur HERMAN WASSERMAN

NEE, dit het niks met 'n koshuis of die Conserve te doen nie. Dis die naam van Koos Kombuis se nuutste kasset en van die landwye toer waarmee hy tans besig is. Koos, wat die afgelope weke op Stellenbosch in die Dros en in die H.B.Thom opgetree het, se toer het op die 24ste Februarie begin met 'n konsert in Bloemfontein saam met Valiant Swart waar hulle, na wat verneem word, bywoningsrekords oortref het.

*Eendrag Maak Bach* word binne die volgende week vrygestel. Behalwe vir promosie hiervan, is die toer ook daarop gemik om geld in te samel sodat hy sy tikmasjien kan herstel. As dit gedoen is, wil hy graag probeer om sy nuwe boek voor November te voltooi. Dit sal 'n "tipe outobiografie" in briefvorm wees. Wanneer hy terug is op Stellenbosch, beoog hy om konserte in die HB Thom op weeklikse basis te hou.

# 'n Gevoel van Vryheid...

Deur WILLEM KEMPEN

MOTORFIETSE is Vryheid. Dis miskien ook spoed, krag, afshow, macho, rebels, cool en baie ander dinge vir verskillende mense, maar vryheid is die een ding wat al hierdie mense met mekaar in gemeen het.

Dis die soort vryheid wat versinnebeeld is deur Peter Fonda in die klassieke bike-fliek *Easy Rider*. Dis ook rebels, soos Marlon Brando gewys het op die beroemde Truimph in *The Wild Ones*, en roekeloos, soos in die ander motorfiets cult movie, *On Any Sunday*. In Robert Pirsig se *Zen and the Art of Motorcycle Maintenance* kry hierdie soort vryheid 'n filosofiese kleur, waar 'n motorfietstoer terselfdertyd 'n ontdekkingstog word waarin sosiale waardes teen vyftig myl per uur op 'n lang, reguit teerpad ondersoek word.

Die stereotipiese biker is 'n olierige ou met "Sons of Satan" op sy boarm getattoëer, 'n ketting, 'n stukkende swart leerbaadjie, 'n flick-knife en 'n aanpassingsprobleem. Hy ry Sondae na klein dorpies om "doughnuts" in die hoofstrate te gooi en in die week steel hy geld om te betaal vir petrol, parte vir sy bike en sy bier by Stag's Head. In daardie volgorde. Sy girl is vet en bietjie butch en het biceps soos Mr T.

In die werklikheid kom motorfietsliefhebbers, mans en vroue, uit elke moontlike vlak van die samelewing: sestigjarige ooms met deerstalkers en Royal Enfields (British by Birth, English by the Grace of God) wat so oud soos hulleself is; universiteitsdosente met silwerkleurige BMW-toerfietse; skoolseuns wat 'n fifty ry asof die ou op die straathoek dalk 'n Grand Prix-talentjagter is wat moontlike spanmaats vir Waine Rainey soek; groot ouens met snorre en warmgemaakte Suzuki's waarop daar goed staan soos "Annihilator" of "Rocketman"; studente met scramblers wat meer raas as 'n Boeing wat gereed maak om op te styg en Seepuntse egskeidingsprokureurs met Harley Davidsons wat



Foto: HELENA VAN ZYL

Sondae al byna vanself op en af tussen die Hard Rock Café en die Waterfront kan ry en in die week in die garage staan.

Harley's is egter in 'n klas van hulle eie. Dis die éen motorfiets wat met 'n nie-so-stille meerderwaardigheid in enige geselskap die aandag trek. Enig in hulle soort, tydloos en klassiek, lyk, klink, werk en voel Harley Davidsons nog feitlik dieselfde as dekades gelede. Harley-entoesiaste word nie beïndruk deur spesifikasies, tegnologiese foefies, aerodinamiese lyne, aluminiumrame of Kevlar-vaartskerms nie. Waar die brosjure vir die nuuste Yamaha sal spog met versneltye en padhouvermoë, sal die Hog s'n iets te sê hê oor die egte koeileer-saalsakke: hierdie masjiene kom gratis met 'n unieke mistiek daaraan verbonde en 'n kultuur wat geen reklameveldtog ooit bloot kan sk̂ep nie. Dis die soort masjien waarvoor mense al hulle loopbane opgegee en hulle huise verkoop het, in die gees van die woorde wat jy êrens op feitlik elke Harley Davidson sal aantref: "Live to Ride - Ride to Live..."

Die meeste van ons het egter nie die R40 000 wat 'n mens deesdae moet opdok vir selfs net 'n baie basiese nuwe Harley nie. Die feit dat jy vir dieselfde prys 'n Japanese fiets kan koop wat dubbel so kragtig én meer betroubaar as 'n Harley is, behoort vir jou 'n aanduiding te gee waarom George Bush verlede jaar tydens sy bedeltog na Japan voor die hele wêreld naar geword en flou geval het.

Vir dieselfde prys as 'n baie voos Beetle kan jy al iets koop wat jou, as jy die regte gesindheid het, toegang gee tot iets wat baie maklik 'n nuwe lewenstyl kan word. Dan kom jy agter die ou met die wilde *ZZ Top*-baard het eintlik 'n Meestersgraad in ingenieurswese en is omtrent so gevaarlik soos die seuntjie in die Redro-advertensie. Dan begin jy verstaan waarom die man by die werkswinkel 'n Saterdagmiddag oortyd sal werk om 'n wildvreemde persoon se fiets betyds klaar te maak sodat hy of sy Sondagoggend kan saamry om die sonopkoms bo vanaf die Franschoekpas te gaan kyk. Jy begin ook verstaan waarom dieselfde ou met die swart T-hemp wat jy laasweek huiwerig was om in die oë te kyk, nou vir jou 'n bier sal koop as hy uitvind jy ry óók 'n Suzuki. Jy sal uitvind dat, in die meeste gevalle, daar agter die swart leerbaadjies eintlik baie doodgewone en saggeaarde mense skuil, wat meer as net 'n bietjie geamuseer is deur die bevreesde kyke wat hulle soms van mense kry.

Maar meer as enigiets sal jy agterkom watter vryheid jy skielik het. Die gevoel wat jou die ou in sy lugverkoelde 325i laat jammerkry, al kom hy teen 160 kph en 'n honderd duisend Rand by jou verbygestorm. Die gevoel wat jou laat besluit om op 'n Maandagmiddag ná klas gou Rooi-Els toe en terug te ry. Die gevoel wat jou vir die vakansie Malawi toe laat ry en snags sommer langs die pad laat slaap:

Alles net vir die lekker.

## Matie Movies

### DRACULA ★★★★

En meteens is monsters nie meer grusaam nie. Want dis omdat hy liefde en geloof verloor het dat hy wraak sweer. Saam met die heldin raak jy verlief op hom. Saam met haar smag jy om een te word met hom.

### THE LOVER ★★★★

Sy is die lover wat dit doen uit nuuskierigheid. Hy is die lover wat dit doen uit liefde. Sy is Westers. Hy is Oosters en sy vader kies sy vrou. En die liefde verdra alles, behalwe kultuurverskille.

### THE BODYGUARD ★★★

Nog 'n film oor verbode liefde, maar anders as THE LOVER, blyk die rede nie so duidelik nie. Kevin Costner is die lyfwag en Whitney Houston sy nie só weerlose kliënt. Sy soek SY lyf, hy soek 'n moordenaar, en die moordenaar soek haar. R.H

### THE LAST OF THE MOHICANS ★★★★

Daniel Day-Lewis is the last of the great romantic heroes. Madeleine Stowe is the damsel in distress, torn dress and heaving bosom who captures his heart and moves his groins. To preserve his love intact, he overcomes vast obstacles - again and again and again...Go see this movie for the sheer beauty and pleasure of it. T.B

### CONSENTING ADULTS ★★★

Dit is 'n film vir suburbia: pasop vir die saai, voorstedelike lewe en pasop as jy dit alles wil begin verander; pasop as jy nooit 'n kans waag nie en pasop vir die kans wat jy wél waag. Vat 'n kans en gaan kyk dit.

### ONLY YOU ★★

'n Komedie wat hom probeer uitspreek oor opregte liefde en suksesvol faal. R.H

RYAN HITCHCOCK
TANIA BOTHA

## New MD at Radio Matie

FORMER Matie editor, Monté Maritz, was appointed as the new managing director of Radio Matie at a Student Council meeting held last Tuesday.

GETAWAY TRAVEL HINTS

# Cederberg sweeps you from campus clamour

By SUE BLAINE

TAKE one part Cederberg, two parts good company, mix in a bottle of whiskey and you're ready for a weekend wandering in a place of excessive beauty.

As you leave the oak leaf avenues and campus clamour of life in Matieland and make your way towards the silence and serenity of the mountains, don't make the mistake of rushing there. Take the N7 to Clanwilliam and demand to stop at the top of Piekniekerskloof to drink in the inspiring view of the Swartland.

The Cederberg is a place of powerful beauty. The spectacular burnt out cedar trees and immense rock formations combined with delicate disas, liquid-eyed steenbokke and soaring eagles create an atmosphere which literally takes your words away.

From Algeria Forest Station (which has a wonderful natural pool complete with free-swimming trout, ready for you to plunge into after the long hot drive) we passed through a gate and moving up the right-hand side of Helsekloof, took a path which zig-zags upwards.

A word of **warning** - this is a rugged terrain and should not be tackled if you are not used to walking, or when the weather is very hot. Take both cool and warm clothes, LOTS OF WATER, good shoes, a comfortable backpack that fits you properly and sunblock. A shady hat is a good investment.

About halfway up the kloof is a



waterfall straight out of a Ronald Joffé (*The Mission*) movie. The water is clear and cold - just right for that mug of whiskey (a hike is the only time whiskey tastes good in plastic) while the sun drips down the sides of the kloof.

The Cederberg is a wilderness area which means that the hut is all you get - no shower, no bath, no braai area, no TV, radio, hairdryers or ice-stocked freezer - just you, the mountain and the people you bring along. The Middleberg hut is set against a slope and there is a stream all set about with oak trees for those who are begining to feel nostalgic. This is a good spot for long evening discussions on whether or not that *was* a tortoise on the N7, or why whiskey seems to evaporate through aluminium caps.

Our next destination was Crystal Pool, a name which kept one foot moving in front of the other. The walk to Crystal Pool is along a gradual zigzag up to the Geelvlei Plateau and along Cathedral Rock.

The weather was fine and we chose a homely rock to camp under, cooked a large supper and retired to "the diningroom", another large rock, to enjoy the sunset and moonrise.

Our hike continued at the bottom of Engelsmanskloof, a place of red rocks that make you feel like you shrunk overnight. These rocks are what the Cederberg is famous for and the formations make it a great candidate for the next Camel man ad.

Upon reaching the top of the kloof you find yourself on a plateau, and, wonder of all wonders, a jeep track. "Check it out, a road," said someone in our group.

The jeep track takes you to the Sneeukop hut, an absolute must - the view is awe-inspiring - imagine mountain after amber mountain slowly receding into the far distance.

The last day of this hike takes you down to the Grootlandsvlakte, then down into Die Gat (and I mean *down*) past the old Uitkyk Forest Station, along Van der Merwe's Trail and back to Algeria, a swim and the long drive back to insanity.

Permits must be obtained before entering the Cederberg Wilderness Area - phone 06282-3440 and the maximum size of a group is 10. You can also write to Cederberg Wilderness Area, P O Citrusdal, 7340. The whole expedition will cost you about R6 a night.

MUSIEK

# Jazzy Jones – a sensation

By NICHOLA MEYER

CANADA'S jazz virtuoso, pianist Oliver Jones, captivated the Endler audience on Friday night with full-on jazz, funky blues, Caribbean calypsos: boppish, groovy, great!

And that's not all. Bassist Dave Young from Toronto and Lulu Gontsana, a drummer from Port Elizabeth, performed solos that rivetted and moved an already cooing audience.

The trio played with such compatible verve, musical feeling, and clockwork timing, that a jazz-lover could not help but swing along. Some of my favourites were "Something for Chuck" (that had some suspence-building stuck-record moments), "Calypso"( with a brilliant drum solo by Lulu, where even the music stand got a few impressive strikes!) and "Stay young" (for Dave Young). And then a sad-sad-sad "folk-bluesy" solo by Young, right from the heart strings. Jones said that he has rarely played with a bassist who has such superb control over his instrument as has Young.

Jones is, himself, an outstanding performer whose first performance was at the age of six. Though he only returned to the stage after a long break at the age of 46, he certainly hasn't forgotten how to charm the piano and delight audiences.

There can be no doubt as to Jones's credentials either: awarded, for example, the Oscar Peterson (1990), Golden Dukat (1990) and Martin Luther King Junior Award for Excellence in the Arts (1992).

Jones, whose tour is being sponsored by the Canadian Government to reinstate cultural ties with South Africa, claimed to find everything in our country wonderful, and appealed to us to appreciate our musicians, even the heavy metal groups (he said wincing...). The concert thus ended relevantly with "Hymn for Freedom", written by Oscar Peterson a decade or so ago - to honour Nelson Mandela.

Apart from many spontaneous outbreaks of applause and early encore-calls throughout the evening, Jones and his partners received two standing ovations, and had Jones not said that he'd have to be up early the next morning, we could probably have stayed past midnight.

# All creatures great and small

ISN'T it odd how the older set bask in the warm glow of reminiscence about this place: Stellenbosch – such a hive of activity.

Hive of activity? Yes, well I suppose this place is crawling with some of the most grisly insects – and I'm not referring to the six-legged type, either.

Insects that busy themselves so intensely with their own scurriless lives that they always miss the Evolution Bus. And when the world outside labours under the weight of change, they just keep right on with their silly ant-ics.

Spineless, so profoundly spineless. It's a wonder these invertebrates can walk at all. But they are supported and protected from the harshest of elements, reality, by a rigid straightjacket of myths and beliefs – an impenetrable exoskelleton so tough, so restricting that it hardly allows for growth and yet, so fragile that a handful of playful criticism can crush it. They are also armed with claws that allow them to klou soos die regering onto even the shakiest principles and stick to them.


There are, of course, a few creatures who manage to come out of their shells, stick their necks out a bit and brave the painful moulting process. The ironbound sheath of beliefs is shed, the mould is broken, leaving the newly liberated insects slightly pink and very very sitive.

Suddenly the world becomes a threatening place and their compound eyes multiply the horror fortyfold. They feel vulnerable, immobile and soon resort to developing another exoskelleton of dogma. But at least they have *really grown* during the trauma, you know. The insects susceptible to this are the stinkbugs, who have this irritating habit of kicking up a stink when they *really* get alarmed.

Yes, Stellenbosch is swarming with the most aggressive of insects: WASPS. Vicious, arrogant and very defensive, with a curious penchant to *steek* more often than they should. It does take a lot of stirring to arouse this hornet's nest - but if you do, prepare yourself for some stupendous behaviour.

Another common species is the cockroach. Blissfully unaware of the bigger picture, they continue their decadent lives eating rubbish, hanging out in dark places and associating with the biggest scalies of all - the grasshoppers. But nothing phases these buggers. They've been known to survive fire, flood and the A-bomb without so much as turning a feeler.

And then there are the moths - 



so blinded and dazed by "the light" that the muddled vision of their simple eyes really limits their perspective. And their mortal and completely irrational fear of flames permanently gets them into a flap. It must be their education which coccooned them in soft delusion in their youth and adolescence, shielding them from exposure to the ugly truths outside.

Of course, you'll always find the full quota of social parasites: mosquitoes, ticks, fleas and lice, whining in their nauseating voices, feeding off your blood and bumming your cigarettes or your classnotes. The only way to deal with them is to squash them – but sometimes they can be real pests. You can't shake them; you can't get them out of your bloody hair, you just have to tolerate them until they run out of credits and find their names obliterated from the Admin computers.

Speaking of Admin, even this insect sanctuary has its bureaucrats: the bees – most of whom are drones who do nothing but sit around feeding their already inflated egos. Then there are the few sickly sweet worker bees who indulge the Queen Bee's every whim in the hope of a promotion. And all He (yes, it's a He!) ever does is sit on eggs.

Particularly unpleasant are the blasted Army Ants, sometimes known as the amorphous Amoebas, who don't generally do much except nudge your stress to culpible homicide levels. They invade everywhere: the best bars, restaurants, your homes and – heaven forbid – your pants.

Let's not forget about the Mantis Set either. Sworn enemies of the former. A strange breed of females that believe that the only good man is a dead man. Talk about giving a new dimension to sex-starvation.

But insects aren't always filled with poisonous spite. Crickets are always chirpy at the prospect of a Pak-slae on a really good Windy day. However, they get a little jumpy when their beloved Boks loose their spring. Then they really drop their mandible.

And lastly, there is good old Louis the fly and his fleasy friends who insist on terrorising new hatchlings. And instead of being rule-bound, as the so called Prim and proper crowd should have been we find them floundering and stuttering in the massive web of lies that they have spun for themselves. It can't be fun, trapped under the frowning spotlight of national networks, waiting to be devoured. But I doubt whether anyone would bother. They're hardly an appetising bunch.

All things bright and beautiful, all creatures great and small, God how Stellenbosch appals us all...but what *really* bugs me is that somewhere out there in the unchartered waters of the future, there is a can of ozone-friendly DOOM with somebody's finger poised on the nozzle. And it's aimed in the direction of our little ecosystem. I'm just wondering when the the button shall be pushed.

**Striptease**



**Liza Stewart**

GASTRONOMIE / GASTRONOMY

# Multi-cultural melting pot at the Rustic Café

By CAREY BREMRIDGE

I had been told that the Rustic Café was like Camelot with a shade of Chameleon but this Café offers plenty more.

Our waitress' T-shirt read "The Rustic Café - The Art of Taste ' and it seems clear that co-owners Leonard Arangies and Ligia de Coito intend to live up to this slogan.

With the name and decor, Leonard hopes to conjure up an earthy, French café offering something from past decades. They hope to create an ambience which will develop into the rendezvous for the intellectuals of the 90's - a melting pot of multi-culturalism.

The Rustic Café offers the patron something personal as well as something universal. Leonard speaks openly of his experiences during his extensive travels, and he hopes to inject some of their magic into the business. He also speaks proudly of his partner's Portuguese background which has resulted in her love for cooking. Her cooking may be her love but it is certainly a talent as well - An Art of Taste.



I tried, from an extensive and culturally-varied menu, the stir-fry of an Indonesian origin, with a ginger and peanut sauce served on a bed of rice. Be warned, a little on the "hot " side but well presented and really delicious.

The decor is the work of Nathan Honey and Sunet Germishuys in ochres, fig-greens and cobalt, with art masterpieces gracing the walls. There is wrought-iron furniture and Picassos in the bathrooms. Low tables and the Turkish cushions grouped in one area enable customers to sit close and philosophise. The candle-lit tables, personally sanded and painted, with hand-painted crockery (á la owners and friends ) all add to an intimate atmosphere.

After dinner, Leonard, being as tempting as Eve offering the apple (see the logo !), suggested the hot chocolate rum which he promised was not to be found anywhere else in South Africa. As he sat down for a final chat he said he felt as if he was in his own lounge at home. Ligia and Leonard have put much of themselves into the Café. I refer not only to the cooking, the tie-dyed T-shirts, crockery, decor, music and menus.

If great food (at a reasonable price), great atmosphere and something a little different with a touch of class is what you are after, The Rustic Café is your Mecca.

The Rustic Café is presently open from Tuesday to Sunday, 11am-3am. Phone 833545 for more information.

MUSIEK / MUSIC

# Never mind Nirvana nihlism

**ALBUM INCESTICIDE**

**ARTIST Nirvana**

By JEAN JORDAAN

STARTING with the obscure title, this third album yields but meagre substance. The rather sweet sleevenotes that singer Kurdt wrote don't offer insights into the bloody-minded name, although they do suggest reasons for the short covers of other people's songs: the band is in it for the party after all, and the obsessive maelstrom of *Nevermind* has given way to comparative ditties.

The inarticulate nihilism of their lyrics, that cauterized seductive hopeless screaming, has turned, of all things, moralistic: "she shoulda stayed away from friends, she shoulda had more time to spend ... she shoulda stood out in a crowd, she shoulda made her mother proud". Or "take a look at what you are ... it's pretty scary". Coupled with unremarkable attempts at actually singing, this results in a lot less conviction, a lot more distance - and a totally different attitude toward their music.

No longer a natural force, it is now rudely danceable tunes with lots of grunge and repetition. As though they realize this, they include a remake of the originally pathological *Polly* that steps up the beat without retaining the sinister involvement of the original. Moments of feedback at the start and the end of songs (still sudden as a blown amp) suggest affinities with punk.

But (perhaps) I'm wrong to be so hard on good-timing. The best songs are, after all, the simple ones - newlywed Kurdt going sweet? I like a *Pixie*-love song (*Molly's Lips*) that goes "she said, she'd take me anywhere - she'd take me anywhere - as long as I stay clean". And there is something whimsical about words like "Sunshine's in the bedroom / when we play ... / But the rain it always starts / when you go away". I can clearly picture the younger sister of one friend of mine freaking her teachers with this album.

And there is some variety, to be sure. Longer songs, grouped together near the end, are more complex and ambitious, and interesting.

# Bitterkomix 2 meer toeganklik

Deur WALTER BUCHHOLZ

DWAMFOONT! GLUCK; GULP. NET toe jy dink dis veilig ... POW, vatso! *Bitterkomix* raak 'n tweede keer bitter.

*Bitterkomix 2* is 'n huldeblyk aan superheroes, want "South Africa needs superheroes". Dit is die woorde van Kannemeyer en Botes in *Comics Showcase*. Daarom sien helde soos Missile Man en Lampman die lig. En só eie aan Suid-Afrika is die helde dat woorde soos Vaaljapie en Broederbond onwillekeurig by mens opkom.

Nodeloos om te sê, daar is ook bad dudes waarmee ons helde in 'n KRAK EN 'N KRRRR moet afreken. Dít is natuurlik glad nie so maklik nie, want die broeders het hul eie robot (AN-3-AS Model V.W.) wat vir Lampman moet regsien. (Koop, en lees self verder.)

Alle grappies op 'n stokkie. *Bitterkomix 2* is meer eenvormig as sy voorganger. Die strip is langer as *Bitterkomix 1*, wat oorwegend kort sketse en kommentaar bevat het. Daar is 'n deurlopende motief in Kannemeyer en Botes se strips wat bydra tot hierdie eenvormigheid.

Anton Kannemeyer glo dat *Bitterkomix 2* in twee genres ingedeel kan word. Eerstens is dit lekker vermaak op grond van die sketse, deurdat mense geamuseer word deur na die prentjies te kyk. Tweedens kan dit as satire bestempel word. Dus is daar vermaak vir die leser wat werklik lees én verstaan wat die kunstenaar sê.

Ina van Zyl se poging moet ook genoem word. Haar strip, *Die Besoek*, is uit tred met die res van die publikasie, omrede dit nie op dieselfde vlak kommunikeer as die ander twee kunstenaars se werke nie. Van Zyl probeer te ooglopend die leser skok en dit doen afbreuk aan haar strip. Tog is haar tekentegniek baie oorspronklik en treffend, veral vir 'n eerste poging.

*Bitterkomix 2* is beskikbaar in die kunsfakulteit in lokale 2014 en 2015, asook by Exclusive Books. Koop dit gerus.



'n Toneel uit die opvoering van Liewe Heksie wat tans in die HB Thomteater plaasvind. Lees gerus die resensie op p IV.



Die loodsing op 28 September 1992 van die hersirkuleringsprojek by die UK het, onder andere, 'n musiekkonsert waarby *The Streaks* opgetree het, ingesluit. Dié projek word vanjaar uitgebrei.

Foto: STEFI ANASTASIADIS, UK.

# UK hersirkuleer ook

Deur **MARELIZE GÖRGENS**

DIE Universiteit van Kaapstad (UK) se herwinningsprojek, wat teen die einde van verlede jaar by dié universiteit se kampus geloods is, word vanjaar uitgebrei.

Die projek is verlede jaar ontwikkel nadat Earthlife Africa 'n in-diepte ondersoek na herwinningsmoontlikhede op kampus gedoen het.

Volgens mnr Stefi Anastasiadis, lid van UK se Studenteraad, sal al die universiteitskoshuise hierdie jaar betrek word by papierhersirkulering. Die groot hoeveelhede papier wat daagliks deur die koshuisstudente verbruik word, sal van nou af in War-On-Waste (WOW) dromme gegooi kan word.

Mnr Anastasiadis sê dat daar in elke koshuiskamer 'n WOW drom sal wees. Hierdie dromme kan in kollektiewe houers, wat in die koshuisgange geplaas sal word, leeggemaak word.

Alle WOW dromme wat dwarsoor kampus gebruik word, word deur Sappi verskaf. Daar is reeds verlede jaar met ander maatskappye kontrakte gesluit om, behalwe papier, ook glas en metaal te hersirkuleer.

"Oor die algemeen kan die reaksie op die hersirkuleringsprojek as positief beskou word," het mnr Anastasiadis gesê. Volgens hom is party koshuise meer geesdriftig as ander om aan die projek deel te neem, maar hy is vol vertroue dat die herwinningsprojek op kampus 'n groot sukses sal wees.

Mnr Frank Raymondo, koördineerder van die projek, voel dat die UK 'n wêreldwye voorsprong bo ander universiteite het. "Die meeste oorsese universiteite het wel houers vir hersirkulering, maar beoefen nie effektiewe afval hantering in kantore en lesingsale nie," het mnr Raymondo die situasie opgesom.

Verlede jaar is daar in die Neelsie 'n hersirkuleringsweek gehou om ook Stellenbosse studente meer bewus te maak van die voordele van hersirkulering en herwinning.

Mnr Daniël Erasmus, voormalige SR-lid en koördineerder van Stellenbosch se herwinningsprojek, sê hersirkulering en herwinning is deel van 'n nuwe kultuur wat geskep moet word; en dit sal nog 'n ruk duur voordat werklike tasbare resultate gesien kan word.

Mnr SP du Toit, mede-organiseerder van die Hersirkuleringsweek, het na verlede jaar se projek ook gevoel dat mense eers bewus gemaak moet word van die feit dat omgewingsbewuste mense nie noodwendig in "kakieklere rondloop en bessies eet nie".

Tans is mnr Rainer Gillich SR-lid vir Omgewingsake by die US. Twee US-koshuise hersirkuleer alreeds papier: Huis ten Bosch en Irene. Hulle mikpunt is 800 kilogram per jaar.

# Swart regsopleiding

Deur **DANIE STEENKAMP**



DAAR sal weer vanjaar tussen 28 Junie en 16 Julie 'n Geïntegreerde Regsopleidingsprojek vir swart regsstudente aangebied word.

Die projek (Integrated Bar Project) is in die lewe geroep om swart studente die geleentheid te gee om blootgestel te word aan die praktiese sy van 'n groot regsfirma.

Die studente gaan aanvanklik deur 'n oriënteringsprogram waar hulle vertroud raak met die manier waarop die firma waarby hulle ingedeel is, bedryf word. Daarna word hulle vir drie weke by 'n vennoot, professionele assistent of kandidaat prokureur geplaas.

Daar kan hulle ervaar hoe 'n gesofistikeerde regspraktyk funksioneer en sien onder andere hoe kontrakte opgetrek word, konsultasies gehou word en onderneem ook besoeke aan die hof.

Verlede jaar het 33 studente uit 400 aansoekers aan die projek deelgeneem. Die aantal beskikbare plekke word vanjaar na 100 uitgebrei en alle kostes word soos in die verlede deur die organiseerders gedra.

Die projek het sy oorsprong by Prof Michael Reisman van Yale Universiteit in Amerika. Volgens Me Tshidi Mayimele, 'n plaaslike organiseerder van die projek, bestaan daar nie so 'n program vir blanke studente nie, maar sy voel dat daar beslis 'n behoefte daarvoor bestaan.

Studente wat die projek sedert sy ontstaan in die laat tagtigerjare bygewoon het prys veral die waarde van die praktiese ondervinding wat hulle opgedoen het. 'n Opmerking van 'n projekganger was as volg: "Deur te werk vir ... het ek die praktiese ondervinding opgedoen wat my universiteitsopleiding kortgekom het. Teorie en praktyk het met gemak en logika bymekaar uitgekom, waar dit altyd vêr van mekaar verwyderd was. Die vennote was baie tegemoetkomend en het my betrek by hulle roetine sodat ek waardevolle eerstehandse ondervinding opgedoen het."

Belangstellendes kan aansoekvorms kry by: Die Direkteur, Integrated Bar Project, Sentrum vir Menseregte, Regsfakulteit, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002. Die telefoonnommer is (012) 420-3034 en aansoeke moet voor 30 April 1993 bogenoemde adres bereik.

# Students at UWC protest reg fees

By **SUE BLAINE**

STUDENTS at the University of the Western Cape (UWC) organised a mass rally to protest the "financial exclusion" of 400 students who were not able to register due to outstanding fees or other financial problems.

"These are not 'financially excluded students', they are people who cannot pay," said Mr André de Wet, director of finance at the university. He explained that the university has to have money to survive.

Several demands, including the opening of the university's financial books and an end to the upfront payment system, have been made by the students.

"UWC will help students who have passed and are not able to pay as much as it possibly can," said Mr Nazim Hower, UWC media officer.

After a three hour meeting with a delegation of students on Febuary 18, the vice-rector, Prof Njabulo Ndebele, said both sides were keen to solve the problem as soon as possible.

The student delegation asked administration to cancel the late registration fee, but later agreed that this was impossible given the financial circumstance.

Assistance-criteria have been set up by administration to enable students who have a good academic record to register. "Students who owe less than R3 000 will be assisted by the university," said Mr Hower.

# KAMPUSFLITSE

## Duikongeluk - student beseer

'n STUDENT van die Universiteit van Kaapstad (UK), me Lisa Foale (22) is op Sondag, 28 Februarie beseer toe sy in 'n bergpoel in die Hottentots-Holland-natuurreservaat geduik het.

Die ongeluk het gebeur toe me Foale omstreeks vieruur vanaf die bopunt van 'n waterval in die Riviersonderend-berge in 'n bergpoel geduik het. Me Foale was saam met vyf vriende, almal studente, ten tyde van die voorval.

Twee van haar vriende het gegaan om hulp te ontbied. Lede van die Four Wheel Drive Club en Bergklub van Suid-Afrika het hulle na die toneel gehaas en haar in veiligheid gebring. (Danie Steenkamp)



## Shawco celebrates 50 years

HUNDREDS of University of Cape Town (UCT) students stood together to form a giant "50" on the campus playing fields.

The gathering was organised to celebrate the 50th anniversary of Shawco, the largest student-run welfare organisation in South Africa.

The organisation, started 50 years ago by a group of medical students who established a clinic in the Cape Flats shantytown of Windermere, now has an annual budget of R3 million sustaining 84 community projects.

Mr Derek Livesey, Shawco's warden for the past 25 years, told the *Cape Times* that the organisation had succeeded in maintaining the scale of its operations despite the economic situation.

Run by a board of management with a student majority, which reports to the university's council, Shawco has community, nutrition and health centres.

There are several education schemes including the Shawco Tutorial Education Project (Step) sends student volunteers to community night schools to tutor Department of Education and Training scholars. An adult education project is also run.

Medical students undergo training before helping at several Shawco run clinics at community centres. Each centre is staffed by trained social workers.

(Sue Blaine).




Photo: Anne Laing, *Cape Times*.

# Rugbyklub maak skoon

Deur JEAN NORTJE

STELLENBOSCH se roemryke naam is waarskynlik op rugby gebou eerder as op akademiese prestasies of enige ander sport. Niks het Maties meer beroemd as die rugbyklub gemaak nie.

Tereg ook so, want hier hang rugby in die suurstof wat ingeasem word. Die rugby wat in Matierugbyspelers se are vloei is baie dikker as elders. Dié rugby het en sal altyd in Maties bly, want hier word meer breinkrag aan rugbytegnieke en -taktieke gewy as enige ander onderwerp.

Nelie Smith en Dok Pool het verlede week tydens 'n persvrystelling gesê dat hier in Stellenbosch meer rugbydenkers op een plek saam is as enige ander plek ter wêreld. Hulle het bygevoeg dat hierdie denke net moet realiseer voordat Maties weer onoorwonne sal wees.

Die rugbyklub het in hierdie persverklaring ook 'n nuwe vaartbelynde bestuur bekend gemaak wat aan alle rugbyspelers se behoeftes sal voorsien. Dit is die produk van Maties se twee top-afrigters, wat die ys gebreek het nadat leemtes in Suid-Afrikaanse rugby raakgesien is en hulle eerstehands oorsee gaan uitvind het hoe om 'n wenspan te bedryf.

Dit is reeds algemene kennis dat isolasie eintlik Suid-Afrikaanse sportadministrateurs harder getref het as die deelnemers self. Matierugby se nuwe vaartbelynde bestuur wil 'n wenklub kweek wat die Danie Craven-stadion weer gaan volpak.



Sò gaan ons Matierugby gereeld sien as alles volgens plan gaan verloop Foto: Pieter Malan

Stellenbosch se rugbyspelers het nie in die maer jare minder talent gehad nie; daarvan getuig die talle rugbyspelers wat Lire, Frank en Duitse Mark in die somermaande met hulle rugbytalent gaan verdien het.

Die talent het nie ontbreek nie; dit was eerder die dringendheid om te presteer. Die nuwe gees wat nou in Matierugby voelbaar is - waaroor koerantmanne deesdae so gaande raak - is dalk die dringendheid om te wen wat terug op Stellenbosch is.

Die rugbyklub beplan klubnaweke wat studente weer terug op die pawiljoene vasgekluister sal sien. Tydens die klubnaweke sal daar altyd ten minste drie Matiespanne op Stellenbosch in aksie wees.

# Waterpolo on the go

By CHRIS CARROLL

ALL waterpolo league matches ended last Saturday. The first team drew 4-4 with UCT and the second team lost 3-1 to UCT.

The infamous "koshuisliga" will be run over the remainder of the term. Res'es may enter as many teams as they want at R30 per team. Teams may have a maximum of 13 players of which no more than two may be current first team players. The format of the tournament will be decided upon only after the waterpolo club has received all entries from participating teams. Entry forms have been posted to the respective sport-representatives and must be returned with the entrance fee by no later than Wednesday, 10 March.

## Judo weer sterk

DIE Matie-judoklub sal met hu nuwe aanwins eerstejaars kan uit sien na 'n baie voorspoedige sei soen.


Die volgende provinsiale spelers het hul vanjaar by die klub aange sluit: Chris Allsop, Rocco Joubert Danette de klerk, Saretha de Villiers en Renette Rust. Eersgenoemde drie het reeds vantevore vir Boland deel geneem, terwyl Renette Rust die O verteenwoordig het.

Die Matie-judoklub kan uitsien n 'n besige jaar met verskeie belangri ke byeenkomste wat voorlê. Die vol gende groot kompetisie wat plaas vind is die Tygerberg Ope op 2 Maart in Brackenfell. Van die ande belangrike byeenkomste waarn uitgesien kan word is die SAU-toer nooi wat in Julie in Pietermarit burg plaasvind.

HOU JULLE Oë OOP VIR DIE NUWE

**Akademiese Klagte- en Wenkebusse**

OP KAMPUS



**GEBRUIK HULLE EN KRY RESULTATE**

Geplaas deur SR-Subkomitee, Akademiese Belange

# Saalhokkie eindig op hoë noot

Deur BARBARA MEYER

DIE Maties se vroue eerstespan in saalhokkie het skoonskip gemaak deur elke wedstryd in die eerste liga te wen. Verskeie spelers is ook gekies vir die WP senior span en vir die WP o/21 span.

Sewe spelers het die Maties verteenwoordig in die WP o/21 span. Hulle is Helen Taylor (kaptein), Hestea Oelofsen (onder-kaptein), Salome van der Ryst, Leanne Brown-Waterson, Jo Lloyd, Nicola Kirbey en Jill Dix (doelwagter). Jill Dix is ook die doelwagter in die WP senior span. Hierdie span (waarvan die Maties se afrigter, Sherylle Calde ook die afrigter is) het die interpro vinsiale toernooi in Pietermarit burg gewen, waar hulle in die fina met 4-2 met Noord-Transvaal afger ken het.

Die WP senior span se interpro vinsiale toernooi begin hierdie wee in Pretoria. Die Matie-spelers in di span is Sherylle Calder, Lisa Whea ley, Megan Dobson, Gail Strapp e Jill Dix.

Die saalhokkie-seisoen het dus v nou eers geëindig. Veldhokkie beg volgende week met die proewe v die eerstejaars en die eerstejaa stoernooi wat op Saterdag 13 Maa plaasvind.



Maties se onoorwonne waterpolospan tydens die afgelope SAU watersporttoernooi. Die span het nie 'n wedstryd verloor nie, maar wel twee gelykop gespeel teen die Universiteit van Natal en UK onderskeidelik. Die span het tweede gekom na Natal universiteit en Maties het die toernooi gewen danksy briljante vertonings deur die swemmers, duikers en sierswemmers.

Agter (vlnr): Pierre Stadler, Bruce Endenburg, Justin Truter, Brett Clark, Richard Ponten.
Middel: Mark Parker, James Whiston, Roddy van Breda (Kaptein), Mnr Neels van Niekerk (Bestuurder), Chris Carrol, Werner Schöffmann (afrigter), Mike Gardiner.
Voor: Roy Endenburg, Dave Sabor.

# Sterre op Cravenstadion

VANAAND en môre-aand vind die opwindende Winfield-sewes toernooi op die Danie Craven Stadion in Stellenbosch plaas. Hierdie toernooi sal dien as proewe om 'n nasionale span saam te stel wat op 27 en 28 Maart aan die Hong Kong sewes toernooi gaan deelneem. Die kern van hierdie span sal SA ook na alle waarskynlikheid tydens die eerste wêreldbekertoernooi van 16 tot 18 April in Edinburg op Murrayfield verteenwoordig.

Daar word gesê dat sewesrugby vir rugby sal doen wat eendag-krieket vir krieket gedoen het. Die tydsduur is heelwat korter as 'n vyftienmanrugbywedstryd en spelers word makliker raakgesien omdat daar het veertien spelers op 'n slag op die veld is in plaas van die gewone dertig.

Omdat die wedstryde van korte duur, die uitslag vinnig bekend en verskillende spanne gedurig teen mekaar speel, sorg die sewes vir goeie vermaak. Slegs tydens 'n toetswedstryd sal meer sterre op een aand so vroeg in die seisoen bymekaar gesien kan word.

Daar sal agt Springbokke – Hugh-Reece Edwards, Robert du Prrez en André Joubert (Natal); Adriaan Richter, Deon Oosthuyzen en Jacques Olivier (NTvl); Garth Wright (OP) en Danie Gerber (WP) - van vanaand af in aksie wees.

Maties sal ook verteenwoordig word deur die woelige haker, Morné Visser. Visser sal vanaand probeer om sy stem dik te maak in uitgelese geselskap. Daar bestaan geen twyfel dat hy oor die talent beskik om in hierdie tipe rugby te presteer nie. Hy sal die enigste Matie wees wat die WP verteenwoordig.

Ander Matiespelers wat ook sal deelneem is: Cravenspan - Kat Myburgh en Christiaan Scholtz. Oud-Maties wat sal deelneem is Kobus van der Merwe (Griekwas), Jacques du Plessis (OP) en Cabous van der Westhuizen (Natal).




Foto: Helena van Zyl

Mornay Visser in 'n ligte luim op die paviljoen.

Die wedstryde begin vanaand om 19h00 tot 23h00 en môre-aand van 20h00 tot 23h00. Alle spanne speel albei aande twee wedstryde elk.

Die spanne is **WP:** Danie Gerber (k), Robbie Brink, Riaan Cilliers, Vlokkie Cilliers, Solly Geduld, Stef Nel, Dion O'Cuineagain, **Morné Visser**, Chester Williams;

**OP:** Garth Wright, Dawie Human, Greg Miller-,Jacques du Plessis, Christie Noble, Jaco Kirsten, Mark wood, Barry Pinnock en Anton Barnard;

**NATAL:** Hugh Reece-Edwards, Dick Muir, Dieter Kriese, Robert du Preez, Henry Honiball, André Joubert, Tony Watson, Derek Ross en Cobus van der Westhuizen;

**OVS:** Pote Human, Ruben Kruger, André Venter, André Cloete, Stompie Fourie, Abrie Pretorius, Helgard Müller, Jannie de Beer en Chris Badenhorst;

**Tvl:** Marius Fourie, James Dalton, Pieter Nel, Pieter Durandt Kevin Luther, Carl Jankowitz, André Homan, Gavin Johnson en Lourens Prinsloo;

**NTvl:** Adriaan Richter, Gerhard Combrink, Bertus Pool, Koedoe Pretorius, Joost van der Westhuizen, F A Meiring, Jacques Olivier, Deon Oosthuyzen en Jannie Claassens.

**Boland:** Martin van der Merwe, Chris Snyman, Nico Vermeulen, Philip de Waal, Bertie Schreuder, Elmo Wolfaart, Clifton Niemand, D W Schoeman en Clarke Roberts;

**WTvl:** Poul Roberts, Eugene Hare, Fanie Heymans, Jannie Brooks, Henk Kruger, Jacques Blaauw, Frans Labuschagne, Graeme Bouwer en Piet Liebenberg;

**Patel XII:** Mogammat Noag, Charl Marais, Judex Burnett, Seun Mwunti, Hentie Maartens, Franco Smith, Julian Visser, Tobeli Zweni en Stephen Brink;

Sentrale Unies: Alan Heuer, Jaco Webb, Marius Swart, Craig Richardson, Glen Gelderbloem, Pieta Steenkamp, Alister Alexander, Pierre van Zyl en Spanjool Wessels;

**Platteland XII:** Jan Moolman, Kierie Barnard, Riaan Botha, Kobus van der Merwe, Stephen Enslin, Fred Amsterdam, Steve van Vuuren, Eben Scheepers en Samuel Baron;

**Craven XII:** Bernard Adams, Wayne Swanepoel, Charles Rossouw, Bernard Petersen, Kat Myburgh, Gerbrand Grobler, John Booysen, Michael Hendricks en Christiaan Scholtz.

# Robyn tel onder bestes in Suid-Afrika

Deur BARBARA MEYER

ROBYN Anderson van die Maties se onderwaterhokkiespan, is gekies as eerste reserwe vir die Suid-Afrikaanse span. Hierdie span gaan in die Aprilvakansie in Tasmanië deelneem. Robyn sou saam met hulle getoer het, maar weens 'n gebrek aan fondse sal sy nou slegs saamgaan as iemand in die span beseer word.

Hierdie toer na Tasmanië vind plaas met die oog op die wêreldkampioenskap volgende jaar in Frankryk. Om hierdie span te kies is die beste dertig spelers in die land reeds aangewys, en vier van hierdie dertig is Maties. Hulle is Robyn Anderson, Renè-Louise Heyns, Johanna Schoeman en Petra-Ann Lewis. In November word die beste twintig spelers aangewys en daarna die Suid-Afrikaanse span wat sal bestaan uit twaalf spelers. Op hierdie stadium is Robyn onder die beste vyftien spelers in die land en volgens haar kan sy met harde werk verseker dat sy minstens 'n baie goeie kans het om hierdie span te haal.

# Tri is reaching climax

By SIMON ROBINSON

THE first Elsenburg Triathlon of the year, organised by the Matie Triathlon Club was held on Saturday 13 February.

There was a good turnout with 97 individuals and 19 teams taking part in sweltering heat. The elite mens section was won by ex-Matie Barry van Jaarsveld, who held the lead from start to finish. Van Jaarsveld did well to increase his lead over Simon Robinson (second), who was the first Matie home. Other Maties to feature well in the elite section were A. Whitington (seventh), T. Myburg (eight) and P. Myburg (tenth).

In the 20-24 age group, Desroy Poole of Maties did well to clinch second spot. With the high number of Maties entered in the various age-group categories, Stellenbosch did well to beat UCT convincingly in the Inter-Varsity competition, making it the fourth consecutive year that the trophy has stayed at home.

With the triathlon season reaching its climax, there are still a number of important races in which Matie triathletes can feature.

**RESULTS:**
**ELITE MEN:** 1. B. van Jaarsveld (1:01:55), 2. S. Robinson (1:03:05), 7. A. Whitington (1:05:29), 8. T. Myburg (1:07:12). 10. P. Myburg (1:08:21)

**AGE-GROUP 20-24:** 2. D. Poole (1:06:22)
**TEAMS:** 1. Rosti (0:55:35), 2. Sports Cafe (1:01:34), 3. Champs (1:02:21).

# Netbalspelers lyk talentvol

Deur LAETITIA VAN DER MERWE

MATIES se eerste netbalproewe is agter die rug en dinge lyk belowend. Slegs vier spelers kort om 'n agste span vol te maak.

Onder die nuwelinge is vier SA-Skole top tien spelers (Anneke Brink, Elana van der Westhuizen, Frieda Keuler, Liana Lourens), sowel as twee SA-Skole top 28 spelers (Diedre Baird, Laetitia Vorster) en agt provinsiale spelers.

Die finale proewe sal op 15 Maart gespeel word, waarna die spanne tydens die algemene jaarvergadering aangekondig sal word. Die jaarvergadering vind op 16 Maart omstreeks 19:00 in die voorportaal van die DF Malangebou plaas.

Met dié nuwe talent, kan ons net die beste van Maties se netbal vanjaar verwag.

Die Boland openingstoernooi vind op 20 Maart by die Welgevallen netbalbane by Coetzenburg plaas. Al Maties se spanne word ingeskryf.

Vyftien koshuisspanne is reeds ingeskryf vir die Eerstejaarsbyeenkoms wat op 5 Maart plaasvind. Hierdie byeenkoms is vir die eerste keer in 1987 aangebied en is verlede jaar deur Huis Neetling gewen.

# Demokrasie sal seëvier

## OP DIE KANTLYN



## Jean Nortje

DIT is vandag die eerste keer dat *Die Matie* uitslae van alle sportaktiwiteite wat Stellenbosch sportklubs beoefen, publiseer. Dit is die resultaat van kritiek wat teen die sportredaksie gerig is.

Daar word verwag dat daar meer spasie aan koshuissport gewy moet word. Redenasies soos "Jy skryf in elk geval oor dinge wat ek in *Die Burger* kan lees", en "Jy skryf dan nie in watter koshuis hy/sy is nie", is geopper.

Nou ja; dié argumente het meriete - dit is tog verstaanbaar vir iemand met 'n baie hoë tolleransievlak - en 'n herstrukturering van die sportbladsye word beplan.

Dit is nie moontlik vir *Die Matie* se sportredaksie om álle sportbyeenkomste in *Die Matie* te dek nie. Eerstens is daar nie genoeg spasie nie; om alle sportbyeenkomste te dek sal net die uitslae bekend gemaak kan word (sien bl 9). Tweedens het die sportredaksie nie genoeg verslaggewers om verslag te lewer oor alle sporte nie.

Dit is reeds in die verlede gesê, en ek sê dit vandag weer: enige berig wat voor die "deadline" by *Die Matie* se kantore afgelewer word sal oorweeg word vir publikasie.

Die sportredaksie beplan om die HK-lede in beheer van sport by beriggewing te betrek. Die sportbladsye sal in twee gedeel word naamlik Koshuissport en Matiesport. Daar sal van die HK-lede in beheer van sport verwag word om die sportbladsye te vul. Hulle bydraes sal die gedeelte van koshuissport dek terwyl die sportredaksie Matiesport sal dek.

Deur van hierdie demokratiesliberale vaartbelyne struktuur gebruik te maak, sal die sportredaksie nie verantwoordelik gehou kan word vir "Jy trek vir Simonsberg voor", of "Hoekom skryf jy nie in jou berig dat hierdie of daardie Springbok bly in Nerina nie", nie.

HK-lede in beheer van sport - hou julle pos dop.

# Rowers need money to float

By MEREDITH KEEGAN

THE Buffalo regatta was held in East Londen in February and saw more entries from Stellenbosch University rowing club than ever before - with some exellent results. Eight men and twelve women were entered into the B-, C- and D-leagues in crews of fours and eights with individual sculling entries as well.

The men's first eight won their C-league heat and entered the final. Stellenbosch finished second.

The ladies A four were late to get to the start of their B-league race. They missed it and entered the race thereafter. Late entry to a race is not accepted, but they were determined to race. They started a boatlength behind the other boats (no late entry may start on the starting line) and still won the race. Times were taken but they were not permitted to row in the final.

No matter what disadvantage the clubs may be at, the rules of regattas are of necessity very strict and Stellenbosch University rowing club is now forced to raise R33 000 for a racing four to ensure such incidents are not repeated. The question is, if we are beating other university clubs in the boats they so kindly lend us, what can we do when we row in our own?

# Redaksielys

**REDAKTEUR:** Melissa Fourie, Brandwachtstr 3, tel 6063
**ASSISTENT-HOOFREDAKTEURS:** Marius Visser, Papegaaistraat 14, tel 4962; Willem Kempen, Colignystr 8, tel 79231
**BESTUURSHOOF:** Aansoeke word ingewag

**ADVERTENSIEBESTUURDER:** Phillippa Barnard, Nuwerus 9, tel 78789
Assistent-advertensiebestuurder: Nadine Fourie, Nemesia, tel 76144

**HOOF-FOTOGRAAF:** Helena van Zyl, Fickstr 3, Panorama, tel 021-924688
Assistent-fotograaf: Pieter Malan, Sarel van der Westhuizen, Adrian Huysamer

**NUUSREDAKTEUR:** Sybrandus Adema, Pikkewynstraat 3, tel 74255
Nuus-subredakteur: Marius de Jager, Parkhof 1, tel 78305
Verslaggewers: Caryn Voigt, Gisela Marx, Riekie-Louise Human, Pierre Oosthuizen, Adél de Villiers, Leoni Molenaar, Ebbe Dommisse, Anita Tromp, Jeanné Moolman, Frances Burnett, Alvo Kotze, Pieter Bruwer, Zelda Weitz

**AKTUEELREDAKTEUR:** Botha Kruger, Papegaaistr 14, tel 4962
Aktueel-subredakteur: Marelize Görgens, Harmonie, tel 832182
Verslaggewers: Liza Albrecht, Elaine Mills, Julia Streuber, Lydia van Niekerk, Hennie Verhoef

**INTERKAMPUSREDAKTEUR:** Sue Blaine, Kleine Katryn, tel 6526
Interkampus-subredakteur: Danie Steenkamp, Eendrag, tel 99949
Verslaggewer: Marelize Görgens

**BRIEWE&MENINGS-REDAKTEUR:** Anna-Retha Kriel, Kaneelsingel 19, tel 72482
Verslaggewers: Esmé Schmitt, Karen Smith, Elouise Coetzee

**DAG-EN-NAG-REDAKTEUR:** Liza Stewart, Rattray 14, tel 72029
Dag-en-Nag-subredakteur: Leigh-Anne Golding, Cluverweg 3, tel 5303; Tania Botha, Langenhovenstr 19, tel 79246
Verslaggewers: Kobus Burger, Walter Buchholz, Johan van Zyl, Nichola Meyer, Jean Jordaan, Francois Jordaan, Izette Mostert, Ryan Hitchcock, Carey Bremridge, Gwyneth Bowner, Herman Wasserman, Louise Erasmus

**SPORTREDAKTEUR:** Jean Nortje, Huis van Riebeeck, tel 832123
Sport-subredakteur: Pippa Schoeman, Hys Mys, Murraystraat 1, tel 6535; Laetitia van der Merwe, Gihonstr 7, Eden, Paradyskloof, tel 900858
Verslaggewers: Chris Carroll, Barbara Meyer

Sport-uitslae p9

# matie sport

DONDERDAG 4 MAART 1993

Winfield-sewes vanaand p10

## Matie surf club takes off

By LUDWIG FECHTER

THE US Surfing Club, under the chairmanship of Ludwig Fechter, has taken off with a surge of support.

An incentive in the form of "hot off the press" surf videos resulted in a jam-packet Yang Tze for the club's first two meetings of the year.

Before the epic big screen video show, the formalities of the meeting saw a new committee being elected with the enthusiastic support of almost eighty new members. With such unprecedented support for the club the stalwarts of the SAU team will be hard pressed to secure their places in the side travelling to Seal Point in July for the anual championships.

The SAU team will be chosen from three trails with the first one being held on 13 March. The team will be chosen on a points basis only and everybody is thus urged to attend the first trial in order to make an early impression on the ratings.

The club does not only cater for the serious competative surfer. A B-division is offered for those guys who would just like to get out there and surf a fun heat against friends of an equal standard.

As those who attended the first two meetings will realise, the club's activities don't end with the final siren at the end of a long day's competing.

In order for the first contest to run smoothly, in the capable hands of Donnie Hastie and James Raaff, all competitors are asked to meet outside the Neelsie carpark at 7 am on Saturday, 13 March. Competitors who live in the Strand or Somerset West meet at the "Pipe" at 8:00, where a venue will be decided on.

To facilitate the successful running of the club throughout the year, competitors must please bring along a yearly membership fee of R10.

Any enquiries can be directed to Ludwig Fechter at the following number: (024) 8523108.



Foto: Jeff Hornbaker

1988 World Champ, Barton Lynch, tucking into a tube - the ultimate experience for a surfer.

## Die kettings kraak vroeg in seisoen

Deur PIPPA SCHOEMAN

DIE Matie-fietsryklub is reeds vroeg in die jaar goed op dreef om die goeie prestasies van verlede jaar te herhaal.

Die WP-fietsrykampioenskappe het op 19 en 20 Februarie by die Bellville fietsrybaan plaasgevind. Die Matieryers Jaco en Pierre-Henri Olivier, asook Johan Giliomee, het bewys dat hulle van die WP se voorste fietsryers is.

Ongelukkig kon Johan Giliomee nie daarin slaag om sy enkelagtereenvolgingstitel suksesvol te verdedig nie, maar het 'n welverdiende tweede plek verower.

Jaco Olivier was tweede oor die wenstreep met die naelry. Dit is 'n baie goeie prestasie as in ag geneem word dat hy slegs twee weke gelede in 'n ernstige val betrokke was.

Niel Geldenhuys het 'n derde plek behaal. Hy is 'n eerstejaar-student en 'n definitiewe aanwins vir die Matie-fietsryklub.

Pierre-Henri Olivier het hom ook goed van sy taak gekwyt en 'n goeie tweede plek in die junior-puntewedren behaal.




## Professor Viljoen word weer student

Deur WILLEM VAN DER MERWE

DIE Stellenbosch Onderwaterklub (SOK) het gedurende die Desembervakansie soos gewoonlik "SCUBA" kursusse aangebied. Hierdie kursus was een met 'n verskil omdat dekaan van die Ingenieursfakuteit, prof Christo Viljoen, een van die kursusgangers was. Professor Viljoen se dogter, Annakie, het reeds die kursus voltooi en het haar pa omgepraat om dit ook te doen.

Die ironie van prof Viljoen se besluit om die NAUI Oopwater I-kursus by die SOK te doen het eers by die aanvang van die kursus duidelik geblyk toe hy agterkom dat die instrukteur en die twee hulp-instrukteurs beide studente aan die US is. Evert de Lange (instrukteur) is 'n tweedejaar- en Willem van der Merwe (hulpinstrukteur) 'n derdejaarstudent verbonde aan die ingenieursfakulteit. Met twee ingenieursloopbane in die weegskaal was die verloop van die kursus glo die vlotste van enige wat nog deur die SOK aangebied is!

Die kursus is vanaf 13-18 Desember aangebied en gelukkig het die weer saamgespeel en die swembadsessies en seeduike kon sonder enige vertragings plaasvind.

'n Ander lektor aan die elektroniese departement van die fakulteit, mnr Gerrit Conradie, het ook terselfdetyd die kursus voltooi en die SOK het belowe om van nou af 'n aktiewe veldtog te loods om meer van die personeel van die US by die aktiwiteite (SCUBA, visskiet en onderwaterhokkie) van die klub te betrek.

Enige belangstellendes in enige van die aktiwiteite kan vir Evert (024-533327 a/h) of Willem van der Merwe (024-554658) kontak.



Professor Viljoen (regs) en Evert de Lange by Castle Rock (Simonstad).

Foto: Willem van der Merwe

*Die Matie* is die eiendom van die SR van US en word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk., Heerengracht 40, Kaapstad 8001.